

2008-9 NG Kerk Oos-Kaapland Geloofsonderskeidende Vrae

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Albanie	Adelaide	<p>Ernstige droogtes. Adelaide is as droogte rampgebied verklaar! Werkloosheid en armoede by alle bevolkingsgroepe veral ook by die blankes. Daar is ernstige agteruitgang van munisipale dienste. Groot mate van moedeloosheid bestaan rakende die toekomstige ekonomiese- en politieketoestande. Daar is min geld in omloop en dit veroorsaak dat meeste besighede swaarkry, behalwe Gamezone wat uitbrei en werksgeleenthede skep. 'n Paar besighede is gesluit as gevolg van finansies. Misdaad en geweld neem toe, soos onlangse gewapende rooftogte op ons buurdorp Bedford, asook in Adelaide waar 'n familie vasgebind en aangehou is. Die boerderygemeenskap het groot kommer oor grondonteiening en -belasting. Adelaide gemeente het 'n groot persentasie arm mense. Die resessie word in Adelaide op alle gebiede beleef. Daar is min belangstelling by lidmate om te dien op polisie- en gemeenskapsforums, want hulle beleef dit as sinloos, aangesien geen veranderinge/verbeteringe plaasvind nie. Baie lidmate stuur hulle kinders na ander dorpe se skole en gevolglik is daar min gemeentekinders betrokke in ons plaaslike gemeente.</p>	<p>Om Missionêr en Diakonaal betrokke te raak in die nood van die breë gemeenskap te Adelaide.</p>	<p>Groei word beleef in baie lidmate se geestelike lewens. Die gemeente is passievol oor ons Ouetehuis (HUIS Corrie Dreyer) en ons plaaslike hospitaal, wat semi-privaat bedryf word.</p>	<p>Die nood in die gemeenskap word al meer sigbaar en die Here skep geleenthede dat die gemeente op lewensveranderende wyse betrokke te kan wees in die lewe van mense (betreffende siel en liggaam).</p>	<p>Transkeisending betrokke, egter baie min. Bybelprojek in ons gemeente is hoogs suksesvol. Enorme aanvraag na Xhosa Bybels, wat deur die gemeente gesubsudeer word. Heelwat ander mense (niedmate) word uit die noodfonds van voedsel en komberse voorsien. Geen maatskaplike projekte buite die gemeente nie.</p>	<p>Die gemeente is baie betrokke by ons huis vir bejaardes en ons plaaslike hospitaal. Daar is groot betrokkeheid by mekaar in tye van nood. Daar is 'n algemene goedgesindheid en lojaliteit aan die NG Kerk Adelaide en die NG Kerk word gerespekteer, ook in die breë gemeenskap. Die gemeente het die vermoë om moeilike vraagstukke in die Kerklike debat so te hanteer dat dit géén spanning skep nie.</p>	<p>Om missionêr te dink en te leef. Hulpverlening aan mense wat nie uit tradisionele wit gemeenskappe kom nie. Die ontwikkeling van gesonde kleingroepwyke in die dorpswyke.</p>

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Albanie	Albanie	<p>Ernstige droogte groot ekonomiese impak, tog ook unieke deel van Gods skepping wat roep tot blymoedigheid. Algemene ekonomiese noustrop agv mensgemaakte reëls, laat weer fokus op God se totaal anderse ekonomie. Besighede trek swaar, huismark is stram, meer bedelaars, gemeentelêde kry finansiële swaar. Boubedryf gesond op die oomblik, baie en groot projekte. Gemeentelêde met ernstige mediese toestande. MIV / Vigs probleem steeds gewigdig. Lidmaattal redelik bestendig. Gemeenskap relatief stabiel.</p>	<p>Kerkbywoning bly onder druk - mense se behoefte aan kerk verminder. Gemeentelêde baie besig - moeilik om persoonlik betrokke te raak met diens en tyd. Makliker om net geld by te dra. Besef dat God se span wenners is, wonderlik om deel te wees daarvan. Aardse lewe slegs voorbereiding en oorgang tot ewige. Die dood kan selfs rede tot feesviering wees! Jeug te lei tot liefde vir God se kerk. Groter betrokkenheid by getuiesaksie. Groter betrokkenheid by mense met MIV / Vigs. Uitgestrekte en diverse gemeente met verskillende spiritualiteite te lei tot groter eenheid. Om die gemeentelike inkomste op die lang termyn te verhoog in moeilike ekonomiese klimaat om moontlikheid van toekomstige finansiële druk te verminder - glo God sal voorsien soos in die verlede. Sien (12) - God is in beheer!</p>	<p>Kinderbediening baie positief, bron van groot vreugde. Energie kom ook uit betrokke lede wat tans die waarheid sien en lewe. Nuwe lewe in kategeese. Jeug ook betrokke by uitreik na nood in gemeenskap met help en gee. Uitreik na gemeenskap sterk op agenda. Blootstelling aan op-die-grond projekte. Uitdaging aan gemeentelêde om te gee en te help. Swaernessie projek oplewing. Goeie kontak met (breër) Engelse gemeenskap. Beide leraars dien soos goeie bakpoeier hul doel - tog is daar steeds mense wat soos Adam en Eva wegkruip / op kantlyn staan. Leraars vul mekaar aan en respekteer / waardeer mekaar. Godbeplande, korter, maar kragtige, eredienste, 'n lus om by te woon. Aandbyeenkomste en bidure, retraites, ens, vir wie dit moontlik is. Webwerf, elektroniese hulpmiddele skep nuwe moontlikhede. Betrokkenheid en omgee vir mekaar, in liefde uitreik na ander. Slegs Heilige Gees bewerk energie in gemeente, enigste kragbron. Werk deur Woord, prediking. Sterk leierskorps met besondere gawes al meer betrokke, gedring deur geestelike roeping. Uiteindelik 'n omlynde visie en missie na proses van gebed, raadpleging en beplanning.</p>	<p>"Dis eintlik 'n dom vraag!? Ek sien God in alles!!! Dit maak my opgewonde!!!" ('n eerlike reaksie). Senior lidmate wat ander seniors besoek en bemoedig. Toewyding van kerkamptenare, orrelis, leraars, koster, skriba, kassier. Samehorigheid in gemeente en omgee vir mekaar. Betrokkenheid by siekes / gebroke mense, wat dit nodig het. Dit gaan goed met die werklike geloof van menige lid te midde van ekonomiese en mediese probleme,. Jeug se oplewing en betrokkenheid. Kinderlike vertrou dat God in beheer is.</p>	<p>MIV / Vigs projek (Jabez Centre), Veilige Huis, Hospies, Kinderversorging (Home of Joy). Besoeke en hulp. Jeugklub (Vrydagaande), asook Seniors. Belydenisklas, spesiale pad met hulle loop. Werkverskaffing (bv Swaernessie projek). Armes wat basiese lewensmiddele kort. Hospitaal en siekes (kankerlyers). Die wêreld. Die stem van die Here roep ons om grense oor te steek. Die gemeente word inderdaat telkens uitgedaag om te beweeg na plekke wat nie noodwendig voor die hand liggend of algemeen is nie.</p>	<p>Dat alle mense gelyk is, ongeag ras kleur, taal. Agv onderlinge aanvaarding voel ander groepe tuis in gemeente. Betrokkenheid van kinders tydens eredienste. Dat saamstaan en vriendskap krag en momentum meebring wat onkeerbaar is. Die diversiteit i.t.v. die bedieningspunte in die gemeente is iets positief. Daar is integrasie tussen 'n 'stads/dorps' konteks en plaas wyke. Elkeen van die 'koppe' van die gemeente bring iets spesiaal na die geheel.</p>	<p>Om 'n biddende gemeente te wees, bidure kan beter bygewoon word. Ondersteuningsdienste, metodes. As ons saak reg is met God, wat kan ons mekaar meer leer? Aanpak van alternatiewe eredienste. Volhoubaarheid van leierskap.</p>

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Albanie	Alexandria	Die gemeenskap het groot veranderinge oor die afgelope jaar beleef. Vanweë die wêreldwye kredietkrisis is alle besighede onder finansiële druk. Debiteure kan nie meer hul verpligtinge nakom nie. Die boerderygemeenskap beleef die ergste droogte sedert 1959. Die produkpryse het gedaal, veral melk wat primêre inkomstebron in hierdie omgewing is. Daarmee saam het die insetkoste skerp gestyg bv. vervoer met bykans 100% en kunsmis met 200% - 400%. Ons beleef tipiese simptome van die ontvolking van die platteland. Die skoolgetalle weerspieël dit wat betref die blanke gemeenskap. Toenemend word vorige boerdery - eenhede omvorm in wildsplase. Die staatsdiens het vanweë demografiese veranderinge geen geringe aandeel in hierdie "ontvolking" nie.	Die eerste is sekerlik om biddend - afhanklik te bly en nie moedeloos te word nie. Dit beteken dus om die geloof te behou dat onse Hemelse Vader als bestuur en ons trou behoed. Verder is dit om verhoudinge onderlings aan te spreek. Dit verwys na die wantroue, skeptisisme, negatiewe, skeuring, verdagmakery en skinder wat heers onder individue en groepe na die "stigting" van Perisos gemeente deur die geskorste, vorige leraar van die gemeente. Verder is daar groot uitdagings ten opsigte van die bou van brûe na die ander N G gemeentes wat Dias en V G K insluit. Die kerbywoning kan sekerlik verbeter en lidmate moet hierin aangemoedig word.	Kinderkerk met baie goeie bywoning en leierskap. Hulle is passievol oor die uitreike (DVB), sokkombuis, Kerssangdiens, wyksbyeenkomste, mannebiduur, betrokkenheid by ACVV, getuiensaksies oftewel Missie Japan, eredienste en onderlinge hulpverlening. Die wyksbyeenkomste is 'n energiepunt asook die mannebiduur. Eredienste is vir 'n groot deel van die gemeente 'n energiepunt alhoewel daar by 'n beduidende hoeveelheid mense 'n apatiese kritiese houding van onverskilligheid heers. Die lojaliteit, verbondenheid en betrokkenheid van 'n beduidende sterk kerngroep in die gemeente is 'n groot energiepunt. Die Kerkraad is al vir etlike jare bykans voltallig!	Die merkwaardige is dat die toegewydes meer toegewyd raak en die kerngroep al hoe sterker. God dra ons om in hierdie finansiële tyd van krisis steeds ongelooflike inkomste te kan genereer. Daar is nie 'n "stryd" om die Kerkraad bykans voltallig te hou nie. Mense bid, worstel met God, sing en prys, dien opreg en ernstig veral armes en siekes wat alles dus op God se werking deur Sy Gees. Ons sien ook die krisis en droogte as Sy loutering, betrokkenheid en genade.	Byvoorbeeld: jongmense, noodlydendes, verslaafdes, enkelouers, vroue en gevangenes. Die enkele jongmense wat daar is, het nie veel lus vir betrokkenheid nie. Om hierdie rede sal ons weer op hulle moet fokus. Al die bogemelde groeperinge kan sekerlik meer aandag kry, maar ons fokus baie op die oues, noodlydendes en kinders. Ons betrokkenheid oor die kleurgrense heen is beperk maar wanneer dit gebeur, baie intensief.	Van oorlewing in konflik, stryd, langdurige swaarkry en teenstand. Die toegewydes groei in die geloof. Dit alles ontmasker ons diepste motiewe en lojaliteite. Ons kan mense bemoedig, vertel van onderlinge hulp en samewerking, goeie strukture, instandhouding en oorlewing. Dit is geloofsdade - dade gepleeg in geloof. Elkeen se inset maak 'n verskil aan die uitkoms.	Ondersteuning, bemoediging en begrip. Ons moet 'n gesamentlike front vorm teen die uitdagings soos droogtes, op die munisipale en politieke front, finansiële krisis dit wil sê in die publieke arena moet die kerk saam 'n rolspeeler wees wat getuig, bemoedig, kritiek lewer, grense oorstek en vennootskappe bou.
Albanie	Dias	Toe vorige leraar weg is het ons eers gekyk waarheen ons op pad is, wat ons behoeftes is en toe het ons 'n leraar beroep. Nou nuwe kerkgebou - Kerkraad struktuur verander om die 2 koppe van gemeente beter te laat funksioneer.	Nuwe Jeug Model in werking te kry.	Verandering van Pinkster byeenkomste - ander kerke by ons ingeskakel. Die jeug wat opgewonde is oor nuwe stelsel. Gemeentelede wat meer sosiaal met mekaar saamkom bv. tee na kerk ens.	Meer samewerking en omgee van gemeentelede. Huisbesoek het ook 'n goeie uitwerking - mense opgewonde daarvoor.	Werk nou saam met al die kerke - veral met VGK in Port Alfred en Boesmansriviermond.	Ons is 2 uiteenlopende afdelings van 'n gemeente. Ons is aan mekaar gebind en het geleer om saam te werk.	Kerk eenheid - Sinodale Verband.
Albanie	Fort Beaufort	Niks snaaks nie.	Finansies vir Salarisse, Instandhouding van Eiendomme.	Huidig oor effektiewe uitreik na ons jong mense. Hulle is baie min en voel maklik uitgesluit. 'n Groot groep belydende lidmate is steeds nie baie betrokke by die gemeente-aktiwiteite nie om verskeie redes.	Hy skenk ons die geleentheid en nodige gawes.	Jong mense is reeds genoem. Noodlydendes is by ons hoog op die lys - ou mense roep ook om groter aandag - Ons het 'n aantal negentigers. Hulle almal vorm deel van ons gemeente. Tog gee ons ook meer as aandag aan noodlydendes van ander tale en dikwels geen kerkverband.	Fort Beaufort is heel uniek. Elke gemeente is tog.	Met groot huiwering: Finansiële steun.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Albanie	Glen Lynden	Die droogte wat die grootste gedeelte van die Oos-Kaap geteister het, het in die Bedford omgewing 'n groot invloed gehad, veral wat betref die beskikbaarheid van water aan die dorp. Dit het 'n gesprek ontketen oor dienslewering (van munisipaliteite) en die verantwoordelike gebruik en bestuur van natuurlike hulpbronne. Misdaad het ook oënskynlik toegeneem.	Die ontvolking van blanke Afrikaanssprekendes, die verskuiwing van lidmate na karismatiese kerke (op Somerset-Oos), die andersleidingsproses om getrou te bly aan ons roeping.	Ons storie, ons mense, ons onderskeidingsproses, samewerking met die Presbiteriane, meer barmhartigheidswerk wat deur lidmate gedoen word, saamkuier.	As gereformeerde (reformerende) kerk weet ons dat Hy ons soms roep tot verandering. Ons oorweeg die toepaslikheid (of gepastheid?) van ons samekoms, ons beleef dat ons gelei word om die gemeenskap van gelowiges te koester terwyl ons 'n oog en ' hart vir die buite die kraal het.	Noodlydendes, soekendes (wat nie 'n hoofstroom kerke tuis hou nie).	Hoopvolheid, onderlinge verbondenheid, opregte belangstelling in mekaar.	Ruimte om buigsame bedieningsmodelle te gebruik en te innoveer. Ons ervaar dat ons dit kry.
Albanie	Paterson	Droogte nadelig, swak melkpryse, parke plase ingesluk, ontvolking en werkloosheid in die Bruin & Swart Gemeenskap.	Verby gevoel net te oorleef te kyk. Bestaan nie net ter wille van onself nie. Kerk ook stem vir gemeenskap se nood.	Alicedale merkwaardige groei afgelope tyd. Behoeftige opleiding toerusting. E E 111	Bewuswording wat groei: (1) Ons is nie in beheer nie. Te veel dinge gebeur. Siekte - Rampe - Moord. (2) Toenemende afhanklikheid Here.	Ek dink persoonlik ons groei maar min verder as onself en ons eie behoeftes. Ons is kerk sonder besef van uitdaging wat daar is. Enkele mense spontaan by aktiwiteite in gemeenskap betrokke. Ons betrokkenheid heg te veel finansieel - ons gee min van onself.	Samehorigheid by dankfeeste. Ywer en entoesiasme offervaardigheid wat baie spontaan is. Ons preek nie mense se beursies leeg nie.	Gemeentelede het behoefte meedere vergaderings duidelike standpunt inneem en koers in Kerk aandui. Was oor jare gewoond daaraan. Hedig-afwenteling na gemeentes en besluitneming oor sake. Gemeentes nie gerat daarvoor nie. Kerksaadslede wil nie debat voer oor sakewat nie regtig in hul terrein val nie.
Albanie	Pearston							
Albanie	Somerset-Oos	1. Ds Ferdi Louw beroep na Philadelphia 2. Betrokke by Gestuurde Gemeentes Vennootskap 3. Erge DROOGTE 4. Resessie 5. Kookhuis (Visriviervallei) volledig deel gemaak van Somerset-Oos Gemeente	* Leierskapsontwikkeling * Gawe bediening * Gasvryheid * Onderlinge verbondenheid * Maar méér as enige iets anders: "Om te wag op die Here."	* Om "grense" oor te steek. * Om God roekeloos te vertrou. * Om te ontdek hoe kinders, jongmense en armes agente van God se koninkryk is.	Daar is 'n al groter wordende bewussyn dat God ook in / vir ons gemeente 'is wat Hy is' - en nie noodwendig is wat ons wil hê / of dink nie. En daarvoor is ons dankbaar. Ons word verras!	* Kinders en jongmense. * Noodlydendes : geestelik & materieel	Dat God toegelaat moet word om 'n gemeente-agenda te herskryf. Dat geestelike onderskeiding moeilik maar die moeite werd is.	Hoe is ons deel van God se storie vir hulle en ons; en hoe is hulle deel van God se storie vir ons en hulle?

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Algoa	Algoapark	<p>Ons gemeenskap is besig om geleidelik aansienlik te verander. Soos wat lidmate te sterwe kom of na hul kinders toe trek, of soos wat persone kan bekostig om na die meer goeie woonbuurte te verhuis, wod die eiendomme verkoop aan persone wat nie lidmate van die NG Kerk is nie. Ongelukkig is die meeste van hierdie "nuwelinge" Xhosasprekend en verkies om steeds by hul eie kerke in die omliggende gebiede aan te bly, of so nie by 'n gemeente soos die Baptiste of Metodiste Kerk of die Evenhaeser-groep in te skakel waar die eredienste in van die Pinksterkerke en natuurlik ook ons buurgemeente, die Algoa Gemeenskapskerk, waar sommige eredienste in Engels gehou word.</p>	<p>Ons grootste uitdaging bly steeds om nie net finansiële onafhanklik voort te bestaan nie, maar ook in staat te wees om by te dra vir Koninkrykswerk buite ons eie gemeentegrense. Verder ook om veral die hoërskooljeug en werkende jongmense (van wie daar maar min in die gemeente is), meer betrokke by gemeentelike/kerklike aktiwiteite te kry. Pogings om 'n jeugaksie tot stand te bring, of belangstelling vir 'n jeugkamp te kry, het telkens misluk. Die onbetrokkenheid van die jeug hou ongelukkig regstreeks verband met die voorbeeld van onbetrokkenheid en swak bywoning van eredienste deur hulle ouers. Sodra hulle klaar belydenis afgelê het, kom hulle (ten spyte van beloftes wat gemaak is), maar net so min kerk toe as wat hulle ouers doen.</p>	<p>Om die Goeie Nuus oral ter wêreld te laat weerklank, is sekerlik die lidmate en leiers se grootste passie. Wanneer daar saamgewerk word aan 'n bepaalde projek, word nogal heelwat energie geskep. So het die gemeente verlede jaar deelgeneem aan die Bybelfees om die 75ste bestaansjaar van die Bybel in Afrikaans te herdenk. Fondse is op enige moontlike (wettige!) manier ingesamel en het so muntsgewys ingekom, in bottels en blikkies en allerhande soorte houers. Lidmate het by verkeersligte en winkelsentrums gebuk en weggoogeld opgetel en ingebring, en so stadigaan het die geldjies meer geword. Dit was darem nie nêr munte nie, maar daar is ook geldnote bygedra en een keer het ons 'n insameling tydens 'n erediens gehou waar lidmate hul offers voor die preekstoel in 'n dankofferkissie kon gaan plaas. Op die ou end kon ons einde September tydens 'n aanddiens 'n tjek vir R20 000-00 aan ds. Ben Fourie oorhandig. Dit was vir ons 'n baie groot oomblik!!</p>	<p>Ons weet dat God 'n doel het met alles wat in die lewens van ons as gelowiges - en ook in die geskiedenis van ons gemeente - gebeur en dat Hy uiteindelik "alles ten goede sal laat meewerk". Ons glo dit, al sien ons dit nie altyd raak nie. Natuurlik is ons partykeer bekommerd en selfs moedeloos, maar ons weet wie die Een is op wie ons vertrou en wat al so dikwels in die verlede ons swak geloof beskaam het, daarom skep ons telkens weer moed en gaan van dag tot dag voort soos wat Hy ons lei.</p>	<p>Watter groep mense of gemeenskap is daar in julle omgewing wat die Here op julle hart druk? Dit is mense wat tans nog nie spesifiek deel van julle gemeente vorm nie. Byvoorbeeld: jongmense, noodlydendes, verslaafdes, enkelouers, vroue, gevangenes. Ons hoef nie "gestuur" te word nie, maar is self deel van die gemeenskap waar ons elke dag die gevolge van armoede en werkloosheid beleef - ons eie mense verloor ook hulle werk of word verplig om "kort-tyd" te werk met die algehele of gedeeltelike verlies van inkomste wat daarmee gepaard gaan. Daarbenewens probeer ons elkeen maar om op 'n beskeie manier 'n verskil te maak deur 'n stukkie klere of 'n bietjie kos te gee aan die baie mense wat daagliks aan ons deure klop. 'n Saak waaroor ons baie sterk voel, is die versorging van die kleuters in die twee versorgingsoorde, Ilinge (New Brighton) en Deo Gloria (KwaZakeli). Hier probeer ons ook maar na die beste van ons vermoë en met beperkte eie middele om hulp te verleen. Ons beplan ook om betrokke te raak by die 2010-Wêreldskokkerbeker evangelisasieprojek deur in te skakel by 'n gebedsnetwerk, en later ook (ná 2010) by skole in ons omgewing deur praktiese hulpverlening volgens vermoë en soos deur die skoolhoofde versoek mag word.</p>	<p>Dis 'n moeilike vraag om te beantwoord. Miskien moed en hoop en deurstellingsvermoë? Verder het ons die vermoë om as 'n span saam te werk - ons lidmate is mense wat baie hard kan werk ten spyte daarvan dat die meeste van hulle lankal nie meer nat agter die ore is nie. Dan het ons ook 'n aantal toegewyde kinders van die Here wat die geheim van volhardende gebed ken.</p>	<p>Hulp (planne, wenke) om die uitdagings en probleme genoem in punt 10, aan te pak en iets daaromtrent te kan doen.</p>

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Algoa	Algoapark-Noord	Die gemeenskap ver-Engels. Meer Xhosa-sprekende persone in die gemeenskap.	Om die jeug meer betrokke te kry by gemeentelike aktiwiteite. Om bejaardes meer betrokke te kry by gemeentelike aktiwiteite. Meer projekte moet geloods word sodat die gemeente kan "fellowship". Toerusting van lidmate. Om 'n biddende kerk te raak. Meer Bybel-gesentreerd te handel in die gemeente.	"Fellowship" Lofprysing & Aanbidding Gebedsgeleenthede (4 keer per jaar)	Opgewondenheid, verwagting en afwagting in die gemeente.	Jongmense, noodlydendes, verslaafdes, enkelouers, vroue, gevangenis en ongereddes.	Gasvryheid, Fellowship, Lofprysing en Aanbidding.	Om die "onbekendes" te bereik (bv Sataniste, ens.)
Algoa	Grasvoëlkop	Woonbuurt raak baie meer kosmopolitaans. Die Afrikaans sprekendes verhuis en getalle neem af. Die plaaslike laerskool se Afrikaanse Gr 1 getalle is die afgelepe twee jaar 7 en 11 (met 6 in preprimer vanjaar). Daar was nog onlangs 2 Afrikaanse klasse gewees. Toename in misdaad, moontlik ook armoede en werkloosheid.	Dit blyk asof dinge in 'n klein gemeente baie vinnig kan verander en dat dinge spoedig van "sleg" na "goed" kan gaan, en natuurlik weer anders om. Ons kan nie maar net as gemeente voortgaan om die "status quo" te handhaaf nie, maar moet regtig die Here se wil soek vir die pad vorentoe. Van die dinge waaraan aandag gegee moet word is die volgende: Om gesinne en jonger generasie te kry om "in te koop" in die gemeente en om aktief betrokke te raak. Om leiers te identifiseer en toe te rus om verantwoordelikheid te neem vir die opbou van die gemeente. Die versorging van eensames en siekes in 'n ouerwordende gemeente. Saam met dit ook die bereiking en aktivering van onbetrokke/afsydige gemeentelike. Alhoewel dit finansiële nie sleg gaan nie, bly die insameling en hantering van gelde altyd 'n uitdaging. Die gemeente sal ook moet kyk na watter manier die inwoners (insluitend jeug en ander kulture) van Cotswold met die Evangelie bereik kan word en geestelik bedien kan word. Die gemeente moet identifiseer watter rol gespeel kan word om die Koninkryk uit te brei in die omliggende omgewing. Ons raak bewus van al meer enkel ma's.	Kleingroepe speel 'n baie groot rol, en so ook die Dissipelskap program wat aangebied word. Die feit dat mense mekaar beter leer ken en geestelik saam groei is baie belangrik. Daar is heelwat selgroepe wat mekaar aanspoor tot liefde en goeie dade. Daar is 'n atmosfeer van omgee vir mekaar wat positief beleef word in die gemeente. Sending betrokkenheid en deurbrake wat gemaak word. Ons het die laaste tyd beleef dat ons al geruime tyd (10 jaar) by plekke betrokke is en dat daar werklik vrug en impak is. Pinkster - veral vanjaar waar daar 2 groepe gehou is en die spesiale poging om werkende lidmate en die met kinders te akkommodeer. Die Eredienste is ook geleenthede wat opbouend en positief is. Die gemeente is informeel en gemaklik en daar is 'n informele hantering van sake binne 'n atmosfeer van onderlinge vertroue, wat 'n "oor-administrasie" uitskakel.	As 'n klein gemeente beseft ons dat ons ten volle op God moet vertrou. Ons beleef dit dat Hy voorsien en vir ons geleenthede skep om by betrokke te wees. Ons beleef die uitdaging van verandering (#9) as geleenthede wat die Here bring. Ons beleef positiewe dinge (#11) en beseft dat die uitdaging (#10) ons roep tot geloofsonderskeiding en gehoorsaamheid. Dit is bemoedigend om God se hand te sien in mense wat groei en verander.	Ons is baie bewus van die veranderende woonbuurt, met mense van 'n ander kultuur, asook die jongmense wat hier bly. Ons het ons verbind aan die uitdra van die Evangelie aan onbereiktes: dit sluit in Afganistan en Noord Afrika, Midde Ooste (NAMO). So ook dra ons 'n las vir die Moslems in PE, mense van Gamtoos en Transkei. Die onmiddellike omgewing (veral Schauderville en Korsten) is 'n plek en groot geestelike nood en wat op 'n manier op die gemeente se agenda gekom het. Ons bid hieroor. Die groeiende getal enkel ouers waarvan ons bewus raak sal ook na gekyk moet word - oor hoe hulle makliker in Eredienste akkommodeer kan word en op ander maniere bygestaan kan word.	Die suksesvolle hantering van die Geloofsgelofteoffer wat nou 15 jaar lank gehou word en wat 'n groot impak gehad het op ons betrokkenheid by Sending. Die sendinggerigtheid van die gemeente kan tot inspirasie dien vir ander gemeentes, sonder dat ons daarin wil roem.	Die betrokkenheid by NAMO en spesifiek Veritas is 'n las te groot vir een gemeente. Ons smag daarna dat meer gemeentes sal hande vat om die werkers in hierdie gebied te versterk. Dit sal met opoffering gepaard moet gaan en ons sal dit graag wil sien gebeur. Ons is dankbaar vir die breër betrokkenheid wat reeds plaasvind, maar die nood is so groot dat dit op die oomblik maar net 'n druppel in die emmer is. Ons sal graag ook wil weet hoe gemeentes basaar hou en dan R50,000+ maak! Ons kom nie daar naby nie, en met die gebrek aan "oortollige" finansies is daar baie instandhouding wat bloot net nooit kan gebeur nie!

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Algoa	Kraggakamma	Redelik konstant en homogeen gebly.	Meer gemeenskapsbetrokkenheid. Jeug beter organiseer en mobiliseer. Jongmense se geloofsoortuiging en verbintenis aan die Here.	Eredienste Kleingroep, by name Selle, Bybelstudies en Senior lidmate. Musiekbediening Lidmate se aktiewe betrokkenheid en insette by eredienste en ander aksies.	Genade - onbeskryflik groot. God gebruik alle mense. God se roeping spesifiek t.o.v. die jeug en gemeenskap.	Jong mense Gemeenskap Agtergeblewenes, bv. Kleinskool & Seyisi.	Funksionering van die amp van die gelowige.	Aandbyeenkomste, veral t.o.v. Musiekbegeleiding. Jeugbediening
Algoa	Newtonpark	Besighede neem toe; baie lidmate verhuis en trek weg na ander areas terwyl besighede inbeweeg; anderskleuriges Moslems, Kleurlinge en Xhosas, beweeg in die gemeentegrense in; misdade neem toe sodat daar minder in die aande rondgestap word. Informele sosiale interaksie en uitreike na mekaar het as gevolg daarvan afgeneem en tot gevolg dat mense na veiliger meenthuiskomplekse buite die gemeente verhuis; dwelmmiddels en prostitusie neem toe; morele waardes verswak. Die woonbuurt: Newtonpark het nou minder inwoners.	Die kerkraad is besig met 'n proses van onderskeiding waarin vrae 10 - 15 hanteer word.	Verwys punt 10	Verwys punt 10	Verwys punt 10	Verwys punt 10	Verwys punt 10
Algoa	Patmos	Verarming van gemeenskap en invloed van besighede in omgewing.	Om kerkbywoning te bevorder veral Sondagaande se dienste word swak bygewoon. Beroeping van leraar. Gemeente sonder leraar. Lidmate nie gebiedsgebonde nie. Om jeug te behou. Betrokke kry by gebedsbyeenkomste.	Sending, basaar, interaksie tussen gemeentelede, beskerming van integriteit van kerkraad.	Die feit dat in tyd sonder leraar en deur die beroepingsproses het die Here ons gedra. Hy dra ons deur die ekonomiese krisis om ons los te maak van materialisme.	Die Alternatives Pregnancy Crisis Centre in Westbournweg, Sentraal. Die Damascus Bediening aan gevangenes. Die Christelike Maatskaplike Raad en al hul werksaamhede. Laerskool Mōrewag.	Volharding, samehorigheid, geloof, aanhouer wen.	Leiding nodig oor bestuur en kontroversiële sake, orde en struktuur.
Algoa	PE-Lorraine	Die finansiële krisis in die land het 'n invloed gehad op ons gemeente en dit het veroorsaak dat mense hul lewensstandaard moes verlaag. 'n Groot deel van die meenthuiskomplekse, in ons gemeente, is huurhuise en dit bring mee dat baie van die lidmate net tydelik inskakel.	Om 'n doeltreffende bedieningstruktuur te vestig in al die verskillende meenthuiskomplekse. Om uit te reik na mense en gemeenskappe en sodoende die hand en hulp van die Here vir hul te wees. Om die huidige lidmate te lei tot verantwoordelike rentmeesterskap en beter/meer betrokkenheid. Weens groeiende lidmaat getalle is dit 'n uitdaging vir die drie predikante om alle lidmate op 'n meer persoonlike vlak te bedien, bv. met huisbesoeke, berading, ens.	Jong gemeente met 'n gemiddelde ouderdom van 34 jaar. Dit is ons doel om 'n liefdevolle omgee gemeente uit te bou. Ons het 'n gevestigde jeugbediening wat vir alle ouderdomme voorsiening maak. Daar is drie verskillende bedieningsstyle as gevolg van die verskillende predikante en derhalwe stagneer die gemeente nie in 'n spesifieke bedieningsstyl nie.	Met die afgelope Pinksterreeks het ons 'n duidelike werking van God en die Heilige Gees ervaar. God doen nog wonderwerke in mense se lewens: onmiddellik en ook mildelik deur medegelowiges. Gelowiges begin om verantwoordelikheid te neem vir mekaar deur na mekaar in nood uit te reik. Ons gemeente het 'n gevestigde Gebedsnetwerk wat goed funksioneer.	Jong belydende lidmate - ouderdom 20 tot 40 jaar. Alle persone wat kerkloos en kerklos is.	Die NG Kerk kan nog goed funksioneer in hierdie tyd waarin ons leef en ons gemeente is 'n goeie voorbeeld daarvan. Ons is 'n groeiende gemeente. Lidmate is trots om deel te wees van dié gemeente. Ons gemeente is oop vir alle mense wat binne ons gemeente grense woonagtig is. Almal word ewe hartlik verwelkom.	Nie iets waarvan ons tans bewus is nie.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Algoa	PE-Noord	19 Nov. - PE-Noord het die vorige vorm A ingevul. Chantall het weer opgevolg met Saretha van PE-Hoogland en wag vir terugvoering. Mev Saretha Dawson - Tel: 041-3671485 Ds Johan Marais/Germa Sel: 084-516-0586 e-pos: jgmarais@telkomsa.net	-	-	-	-	-	-
Algoa Ring	PE-Wes	Invloei van besighede gaan voort, alhoewel die tempo afgeneem het. Van ons lidmate wat verhuis het en by ons ingeskakel het, raak toenemend betrokke en skakel in by hul tuisgemeenskappe.	Ons finansies is nog van so 'n aard dat ons nog sal kan aangaan. Ons plig is om so lank as moontlik aan te gaan. Ons moet ons eers regruk (boot herstel) voor ons kan uitgaan.	Die ondersteuning van ou mense onder mekaar. Ons het die senior vriendekring wat baie aktief is, wat groei en sinvol beleef word. Omgee word positief in die gemeente beleef. Dit is vir mense lekker om kerk toe te kom en daar is 'n lekker atmosfees.	Dat daar 'n atmosfeer van omgee en liefde onder mekaar is. Dat 'n donateur vir ons 'n groot bedrag gegee het om te gebruik vir nood buite die gemeente. Dat ons sentraal geleë is en al die geriewe het.	Ons het die Christelike Bikers Organisasie wat ons saal gebruik vir hulle byeenkomste.	Omgee, liefde en dra van mekaar se laste. Ouer mense het so groot geword mens leef nie net vir jouself nie. Ouer mense het die voorbeeld vir ander gestel. Beleef lekker meeewing en uitreik in gemeente. Daar is nog baie "Goodwill" in die gemeente. Na die diens, tydens Week van Gebed en Pinkster word daar baie lekker met mekaar gekuier.	-
Burgersdorp	Aliwal-Noord	17 Nov '09 - Chantall het weer opgevolg. Skriba: Mev Corrie Nel - Tel: 051-6332632 sy sal ook weer opvolg en met by bevestig.						

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Burgersdorp	Burgersdorp	Die droogte het 'n groot finansiële uitgawe vir boere tot gevolg gehad. Ongeveer 12 plase in die distrik is deur ernstige veldbrande geraak. Die styging van brandstofpryse plaas druk op mense se begroting. Besighede is onder druk van die ekonomiese afswaai. Die ekonomiese afswaai het tot gevolg dat voedselpryse op die platteland geweldig gestyg het. Rentekoerse het tot gevolg dat minder kapitaal tot mense se beskikking is. Bogenoemde faktore dra almal daartoe by dat lidmate se vermoë om dankoffers vir die Here te gee onder druk geplaas word.	Al meer mense ervaar nood wat binne wyksverband aangespreek kan word. Die ideaal is om meer wyksbyeenkomste te hê, waar mense mekaar met hul unieke gawes kan bedien en verhoudings bou. 'n Uitdaging is om grense oor te steek en dat elke lidmaat, wat 'n gestuurde van die Here is, die Evangelie sal uitdra.	Die getuienis van wat die Here besig is om te doen in mense se lewens skep energie in die gemeente. Verder is die betrokkenheid by sekere geleenthede / aktiwiteite in die gemeente ook rigtinggewend, soos Pinksterbyeenkomste, kermis, Bybelstudiegroepe, verrykingskursusse, ondersteuning van sendelinge, die Belydenisklas se uitreik na Botswana, wyksbyeenkomste en huisbesoek.	Lewensveranderings dui duidelik daarop dat God in mense werk. Mense is meer vrymoedig om oor die Here en Sy werk in hul lewens te praat - Getuienis van eredienste en ook Pinksterdienste dui daarop dat lidmate 'n behoefte aan verkeer met die Here het. Gemeentelede beywer hulle om God eerste te stel. Daar word erns gemaak met die ondersteuning en voorbidding vir mense in nood. Ondanks moeilike ekonomiese toestande gee gemeentelede getrou hul offergawes vir die Here.	Onbetrokkenes. Verwaarlooste honger kinders. Geestelike nood van werkers. Senior burgers.	Mens is nie altyd bewus waarmee ander gemeentes besig is nie, waarmee ons besig is, is: "Kingfisher"-byeenkomste (om mense te mobiliseer en te begelei tot die besef dat hulle die Here se gestuurdes is en waarvoor Hy hulle wil gebruik); Theophostic Gebedsbediening (waarmee mense begelei word om God se waarheid oor hul lewe te ontvang en vrede te maak met die seer van die verlede); Ondersteuning van gemeentelede; Hemelvaartdagviering en skakeling met ander kerke in die gemeenskap.	Indien 'n behoefte na vore kom, sal ons dit bekend maak.
Burgersdorp	Jamestown	Droogte - veldbrande. Blanke gemeenskap word minder en die ander meer. Verbeterings aan hoofpad is klaar - besighede trek swaar.	Om 'n predikant te beroep. Om verandering en nuwe moontlikhede te aanvaar.	-	Ons sien God oral - sien Hom net raak. God verwag meer van ons - God aanvaar ons ten spyte van ons swakhede en foute.	Elkeen wat oor ons pad kom is ons verantwoordelikheid - om kerklos persone te bearbei.	Ons oorleef al 6 jaar sonder 'n permanente predikant en ons oorleef steeds en bediening gaan voort.	Toerusting - kursusse - ondersteuning.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Burgersdorp	Lady Grey	<p>Geen groot noemenswaardige veranderinge het plaasgevind nie. Die volgende dien egter gemeld te word:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Die poskantoor het na 'n nuwe sakesentrum geskuif en is nou heelwat groter en meer gemoderniseerd. 2. Die polisiehooft het verhuis. 'n Nuwe hooft is intussen aangestel. 3. Daar was 'n watervloed gedurende Februarie 2009 en die dam het oorgeloop. Ongelukkig is daar 3 kinders deur die vloed meegesleur. Ons het ook goeie reën gedurende die winterseisoen (wat buitengewoon is) ontvang. 4. 'n Nuwe leraar, skriba en orreliste is aangestel. Ons vorige leraar, Ds CS Erasmus, het na Dealesville verhuis. Ons vorige orrelis, wat ook die skoolhooft was van die Kunste Akademie Skool, het 'n nuwe pos by die Drakensberg Seunskool aanvaar. 5. Ons jaarlikse Passiespel is besonder goed ondersteun. 6. Die gemeente is finansiëel gesonder danksy 'n erflating ontvang vanaf 'n gewese lidmaat. 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Die Passiespel skep al meer geleenthede vir uitreike. 2. Bewusmaking van behoeftige gemeenskappe in ons omgewing. 3. Groter drang vir uitreike na bogenoemde gemeenskappe. 4. 'n Groot engelse gemeenskap in dorp en op plase. Sommige skakel reeds spontaan in. 5. Groter bewuswording om finansiëel by te dra vir ander kerklike organisasies soos die Bybelgenootskap, Blindes, Dowes, Melaatse ens. 6. Opknapping van kerk eiendom. (Daar is reeds begin met restourasiewerk) 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Bybelstudies - 3 groepe 2. Wyksbyeenkomste - op dorp en plase 3. Vrouebedienings Aksie 4. Gebedsvriendinne Aksie 5. Koffiekroeg - Jeugaande (1 x pw) 6. Vroue Landbouvereniging 7. Manne-aande 8. Uitreike na omliggende gemeenskappe 	<p>God sorg vir die mens deur geestelike en fisiese seëninge soos in die Bediening van die Woord en Sakramente. Hy sorg ook vir die diere en die natuur.</p>	<p>Arm mense in die gemeenskap, ongeag kleur, ras of geloof.</p>	<ol style="list-style-type: none"> 1. 'n Baie suksesvolle passiespel vir die afgelope 10 jaar. 2. Die jaarlikse MacNab, Skotse aand, Lammergeyer bergwedloop en Skou bring mense van oral na Lady Grey en laat die gemeenskap saamstaan. 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Toerusting en motiveringskursus vir kerkraadslede 2. 'n Huweliksverrykingskursus 3. Avontuurkamp vir jongmense - leer deur ervaring 4. Toerusting om visie en misie te fasiliteer
Burgersdorp	Molteno	<p>Droogte</p>	<p>Huwelike Publieke getuienis Morele vorming Dankoffervaardigheid Onderlinge liefde Erediensbywoning</p>	<p>Sosiale geleenthede Roeping</p>	<p>Onderlinge liefde Die uitkomst t.o.v. huidige omstandighede. Die groter vertrou in God wat oral sigbaar word.</p>	<p>Skole Plaaslike owerheid Lidmate Plaaslike bevolking</p>	<p>Ons kan saamstaan. Die manier waarop nuwe intrekkeers ontvang word.</p>	<p>Lidmaat toerusting geleenthede Interdenominasionele verhoudings</p>

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Burgersdorp	Steynsburg	'n Erge droogte tot die eerste week in Februarie 2009. Dit het die boere en die hele gemeenskap erg geraak. Die dorp het waterbeperkings gehad. Vanaf Februarie 2009 tot ongeveer die eerste week in Maart 2009 het die distrik en dorp ± 375 mm reën gehad waarvoor ons die Here baie dankbaar is. Na die wonderlike reën het dit gevoel asof ons by elke erediens kan sing: Genade onbeskryflik groot ... Ja en die platteland is aan die afneem. Sonder die boere gemeenskap kan Steynsburg nie bestaan nie.	Om te oorleef!!! Baie geestelike werk. Om te probeer dat die breë Afrikaanse populasie meer kan saamwerk. Interkerklike samewerking is 'n uitdaging.	Dit is vir ons leraar 'n passie om die huisgesin van God te laat funksioneer. Dis 'n passie vir die lidmate om 'n leraar te hê en te behou (hiermee bedoel ons die finansiële toestand nou en vorentoe).	God werk met ons. Dit gaan relatief goed. Gesondheid, kos op die tafel en wonderlike reën. Voorspoed op verskillende terreine. Werkloosheid in ons gemeente is 'n baie skrale persentasie. Redelik goeie pryse vir boere se produkte. Ja ons is die Here innig dankbaar vir elke dag se baie seëninge so onverdien.	Ons hanteer situasies soos wat dit by ons verby kom.	Hoe spaarsamig ons gemeente "lewe".	-
Burgersdorp	Venterstad	Geen demografiese verandering in die gemeenskap hef merkbaar behalwe in die plaasomgewing. Ses lidmate het by die Gereformeerde Kerk aangesluit. Een lidmaat is oorlede. Ons gemeente is bedien deur 'n oorbruggingsleraar. Twee lidmate het verhuis. Ses nuwe lidmate se attesidie is ontvang.	Bediening van lidmate. Uitreiking na armes en siekes. Hou van byeenkomste vir insameling van fondse. Gesamentlike optrede met ander gemeentes vir die uitbreiding van die Evangelie.	Volgehoue prediking en woordverkondiging. Reël van spesiale dienste. Hou van bidure en byeenkomste.	Vermeerdering van lidmate in dienste. Groter samewerking tussen die kerkraad en lidmate.	Daar is groot werkloosheid in die omgewing en mense is geneig om hulle na drank en dwelms te wend. Gedurige voorbedding en ondersteuning is noodsaaklik.	Vertrou in die Here Hy sal voorsien.	Aanbiedinge van kursusse en byeenkomste. Geestelike verryking.
Cradock	Colesberg	As gevolg van die Tierprojek langs die Oranjerivier is 'n klomp van ons plase opgekoop en het ons feitlik 'n hele wyk verloor. Nuwe besighede is deur Chinese hier begin, maar hulle skep geen werksgeleenthede nie. Geweldige groot werkloosheid in die dorp. Huise word al meer opgekoop en in gastehuse omskep, dus is hier geen huise te huur nie wat dit moeilik maak om nuwe intrekkers te lok. Ekonomiese groei is uiters beperk.	Om te help met die geweldige nood onder 'n baie groot deel van Colesberg se gemeenskap. Werkskepping. Om toe te sien dat daar 'n Bybel in elke huis is. Bemiddeling tussen die swart VGK en die NGKA wat glad nie met mekaar praat nie. Jong mense wat die dorp verlaat en ons kinders wat in ander dorpe skool gaan.	Al hoe meer lidmate begin besef waarom hulle in die wêreld is en ontdek hulle roeping en gawes. Lidmate neem leiding deur met nuwe bedieninge te begin. Lidmate neem dus self verantwoordelikheid vir bedieninge en betrek medelidmate. Gemeentekamp wat jaarliks gehou word. Vrouediens wat geherorganiseer het volgens 'n blokstelsel waardeur baie meer vroue betrokke is.	Die Here se voorsiening in al die gemeente se behoeftes en die toegewydheid van ons lidmate. Lidmate wat al hoe meer omgee vir mekaar in die gemeente, maar ook buite die gemeente. Ons is opgewonde oor die finansiële voorsiening van die Here nadat ons besluit het om een tiende van ons inkomste elke maand te gebruik vir evangelisasiewerk. God is getrou aan sy beloftes.	Die Chinese, karretjiemense en die mense wat geweldig swaarkry.	Die wonderlike samewerking tussen ons en die ander kerke in die dorp. Ons hou jaarliks 'n gesamentlike diens by 'n bepaalde kerk en dan besoek al die ander kerke daardie Sondag die kerk. So leer ons mekaar beter ken en verstaan en word verhoudinge gebou. Volgende jaar is die diens bv. in die AGS kerk en hierdie jaar was dit in die Congregational Kerk in die kleurling woonbuurt.	Sterk en duidelike uitsprake oor aktuele sake soos bv. maagdelike geboorte en liggaamlike opstanding van Jesus en oor die proses van kerkeenheid.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Cradock	Cradock	Ons het droogte ervaar, maar die Here het uitkoms gegee. Dieselfde tendens van die afgelope jaar het in die gemeenskap geskied van bv. Mense wat uit die gemeente verhuis het en ander gelowiges het ingetrek. Verswakking van besighede. Enkele bruin lidmate belydend en doop het by ons gemeente aangesluit en is aktief betrokke.	Amos, 'n goort behoefte van evangelisasie onder plaaswerkers is nodig om drankmisbruik en mishandeling teë te werk. Onbetrokkenheid van kerkraadslede in dorpswyke. Gebrek aan meelewendheid van dorpslidmate. Traagheid om klein- en selgroepe te begin.	Gemeente fees. Lidmate en Kerkraadslede het goed saamgewerk. Ons is 'n meer lidmaatgedrewe gemeente.	Al is daar 'n ekonomiese insinking, het ons seën ontvang. Ons raak opgewonde oor sending en kampe. Voorsitters van kommissies is toegewyd. Hulle is nou betrokke waar daar nood in die gemeente is.	Skuiling - Straatmense, gevangenes, hospitaal, armes, bejaardes en plaaswerkers.	Die voorsitters van kommissies is nie totaal afhanklik van die dominee nie.	Om 'n deel van die Kerkraadslede te motiveer. Ook om die jeug meer by die gemeente bedrywigheid te betrek.
Cradock	Cradock-Noord	Droogte: Dag van verootmoediging en dankdag. Ons het 'n jong dominee gekry en het hierdie jaar ook gemeentejaar student betrokke by taxibediening. Bediening van gebruikte klere. Noodspens Skuiling Jongmense wat in ons dorp begin werk. Kerkklok wat voor verkiesing bedags lui: gee kans om getuies te lewer. Met pase het ons erediens saam met Methodiste en hulle bring 'n kruis wat ons nou weer verder moet neem na ander denominasie. Paasuitstalling in ons kerkgebou: dit word deur die hele gemeenskap besoek en selfs besoekers aan ons dorp (Landbouskool se Rugbyweek is in hierdie tyd) besoek die uitstalling en getuig van seën.	Bediening aan jongmense. Meer betrokkenheid by lief en leed in gemeente en gemeenskap. Gasvryheid: gaan kuier sommer by iemand wat nie noodwendig 'n vriend is nie. Die gemeente groei agv lewe van lidmate. Kerklos lidmate: gaan laai hulle bv op sodat hulle nie "alleen" by die erediens opdaag nie.	Paasuitstalling Musiekbediening Positiewe gees en vriendelikheid Samewerking: as gemeente iets aanpak, is almal entoesiasties en help graag	Beroepsproses 'n tyd gelede: ons is eintlik onkundig omdat ons vir 19 jaar dieselfde predikant gehad het. God help ons egter om die persoon te kies wat Hy vir ons wil stuur. Ons dominee straal die beeld van Christus uit. Mense wat oor ons pad kom. Hartlikheid en vriendelikheid. Eensgesindheid (opdrag van God). Verwelkoming van lidmate by die deure veroorsaak dat mense met vriendelike gesigte in die erediens sit. Finansies	Jongmense Kerklos lidmate Skuiling (Daar is nou in ons dorp iemand wat kan help met substans afhanklikheid) Tehuis vir bejaardes	Liefde Positiewe Eensgesindheid Nie kwaad bly vir mekaar nie - vergewe en gaan aan Samewerking met ander denominasies bv AGS & Methodiste; Gemeenskap word betrek by kerkfunksies.	Samewerking tussen almal in die gemeenskap: oorbrugging van gawes. Daar is nou samewerking tussen ons en die Methodiste Gemeente op die dorp.
Cradock	Cradock-Oos	Daar was droogte - die Here het uitkoms gegee. Die algemene ekonomiese toestand is swak. Die toestand is beter op die platteland as in die stede. Daar word moeilike ekonomiese tye in die toekoms voorsien.	Die Here stuur ons na ons naaste. Ons moet betrokke wees by die gevangenis en Sokker 2010.	Meer van uitreike en Kingfisher. Die erediens en kleingroepebyeenkomste (bybelsgroepe en huiskerk) maak mense betrokke en entoesiasties. Ook die weeklikste Bybelskool is tot geestelike seën.	Voorbidding. Die Here werk en voorsien op 'n wonderlike wyse - na die droogte het Hy uitkoms gegee - die jaarlikse basaar was 'n wonderlike sukses - Hy verander mense se lewens.	Die Here stuur ons na ons naaste. Ons moet betrokke wees by die Gevangenis en Sokker 2010.	Meer van Uitreike en Kingfisher.	-
Cradock	Hofmeyr	Droogte, daarna goeie reën. 4 Groot projekte/aksies - baie geslaagd gewees - vir geestelike verryking. Baie positiewe, geestelike beweging onder jong, getroude pare.	Jongmense moet groter verantwoordelikheid neem, veral omdat ons nie 'n vaste predikant het nie.	Ons energie begin by preekgroep wat groot rol speel in geestelike leiding van die gemeente. Gereelde byeenkomste en aksies hou ons op ons tone en beïnvloed ons positief.	Ongelooftlike, passiewolle getrouheid van gemeentelede is 'n openbaring. Dit lyk nie of ons nie 'n permanente predikant het nie. Mense ondersteun mekaar in vreugde en in nood - dit maak ons sterk.	Ons bedieningsaksie in swart en bruin gemeentes van Hofmeyr, moet ons as ons verantwoordelikheid aanvaar en ons dra dit met Woord en daad, ondersteun hulle ook finansieël.	Ons bly staande, al word ons beproef. Ons neem self verantwoordelikheid vir geestelike versorging van mekaar.	Alle maatskaplike raad, voorbidding, leierskap ondersteuning in tye van nood. Bediening van sakramente.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Cradock	Middelburg Kaap	Die laaste deel van 2008 en die begin van 2009 was baie droog gewees in die Middelburg omgewing, so ook in die groot dele in die res van die land. Moedergemeente het leiding geneem in die reël van 'n biddag vir reën wat deur die hele gemeenskap bygewoon is. Na die goeie reëns gedurende Februarie het die Moedergemeente weer leiding geneem met die reël van 'n dankdag.	Die grootste uitdaging huidiglik in die gemeente is om 'n gemeente te raak wat meer doen rakende Diens van Barmhartigheid en Uitreiking. Die gemeente is betrokke by die Diane Lang "Care House" in Middelburg, die werksaamhede van die ACVV en Huis Karee tehuis vir bejaardes. Verskeie lidmate is ook betrokke by die Amos aksie vir plaaswerkers. Die aksies moet egter uitgebrei word en meer lidmate moet betrokke raak. Die nouer samewerking en moontlike eenwording met Uitsig is ook 'n groot uitdaging. Daar moet verseker word dat ons nie lidmate verloor as gevolg van die proses nie, maar ons moet ook sorg dat ons nie in die pad staan van moontlik beter bedieningstruktuur in Middelburg nie.	Die feit dat lidmate al meer betrokke is by die aksies van die gemeente en besef dat hulle self verantwoordelik is vir die kerk se werksaamhede. Die bydrae van die afgelope drie jaar deur die drie kontrakleraars moet ook nie gering geskat word nie. Elkeen het iets besonder na die gemeente gebring wat mee gehelp het dat die gemeente geestelik gegroei het. Die lidmate is ook baie positief rakende die samewerking/eenwording met Uitsig.	Moedergemeente se basaar en wildsfees het die laaste paar jaar so geval dat die weer van die Donderdag af wat dit gereën het, baie koud was of dat die wind gewaai het. Dit het egter elke keer gebeur dat so uur of wat voor die basaar of fees begin die weer opklaar tot na afloop van die basaar. Totaal teenstrydig met die weervoorspellings, dit laar 'n mens elke keer opnuut besef dat God in totale beheer van ons lewens is. Die meelewing wat onder die gemeenskap is ten opsigte van ander se krisis en probleme, soos met die droogte aan die begin van die jaar. Nie net boere het die biddag bygewoon nie, maar ook 'n groot aantal dorpslidmate. Dit is 'n manier waarop ons gehoor gee aan God se opdrag van die liefde.	Lidmate is betrokke by die Diane Lang Kinderhuis in Middelburg. Hier word gehelp met Geestelike en ook lewensopvoeding. Lidmate poog ook om met Kersfees iets besonders vir die kinders te doen sodat hulle ook kan deel in die wonderlike gebeure rondom die geboorte van Jesus. Een van die doelwitte van die kerkraad vir die jaar wat voorlê is om noodlydendes in die gemeente en gemeenskap beter te ondersteun en by te staan. Die begroting van diens van barmhartigheid is baie groter vir die jaar. Ons wil graag terug gee aan die gemeente en gemeenskap wat ons so mildelik ontvang van die Here.	-	Ons sal graag ons betrokkeheid by uitreikaksies wil verbreed en hopelik sal daar 'n lidmaat Cradock vergesel tydens die Mosambiek uitreik. Huidiglik het ons Cradock finansiële ondersteun vir 2009, maar ons moenie net ons geld gee nie, maar ook van onself.
Cradock	Middelburg Uitsig	Die demografiese verskuiwing het voortgegaan. Die kerklidmaattal is gehandhaaf. Daar is 'n groot uitvloe van werkloos in die gemeenskap. Die ekonomiese groei is uiters beperk. Die persentasie menses afhanklik van staatstoelae word al groter. Ons het 'n abnormaal droë voorjaar gehad.	Nouer skakeling met die VGK en Moedergemeente op die dorp. Woordverkondiging en uitbreiding van die Koningkryk, ook onder die bruin en swart gemeenskappe.	Die primêre agent is die werking van die Heilige Gees. Eengesindheid in stilword om te Luister na die stem van die Heilige Gees. Gemeenskaplikheid.	God hou sy kerk in stand. God werk deur mense en omstandighede en is alomteenwoordig, ook in die natuur hier in die Karoo. Hy maak ons afhanklik en dankbaar. God help ons om goeie menseverhoudinge te bewerk. Warm harte en oop beursies in die meeste gevalle.	Na almal maar spesifiek die jongmense en uitreikaksies na buurgemeenskappe. Studerende Jeug.	In hierdie gemeente is daar sterk skakeling met alle kerklike gemeenskappe en rolspelers oor alle grense. Interkerklike skakeling en -ontwikkeling.	Sterker leiding gee en duideliker standpunte lê oor aktuele sake. Algemene Sinodale en Rings inligtingsverspreiding moet effektief en meer aggressief wees.
Cradock	Noupoort	Baie droog afgelope jaar. Groot uitwerking op lidmate geestelik gemeente was vakant en selfs dit het lidmate mismoedig gemaak, maar deur alles het lidmate ssamgestaan en gedurende 2009 is Ds Johan Botes bevestig.	Om ten eerste na die geestelike nood om te sien. Lidmate opnuut eensgesind laat optree en dan ook te kyk na armoede in gemeenskap.	Lidmate geniet saamwerk vanaf erediens te tot fondsinsamelings. Daar is 'n passie om daar te wees vir mekaar.	Op hierdie stadium is dit asof die gemeente geestelik herleef. Lidmate woon erediens te goed by. Daar is ook nuwe...?	In Noupoort het ons noodlydendes en verslaafdes met die sentrums NCCC en DEC.	Samewerking oor grense en kerke heen.	Om daar te wees vir mekaar volgens Bybelse beginsels.
Dordrecht	Barkly-Oos	Besighede in die dorp het toegemaak. Daar was droogte en vloede in die destrik. FNB dreig om deure toe te maak. Opgradering van rioolstelsel in die kleurling en swart gebied. Media dekking oor onsuiver water en kindersterftes. Groot groep mans uit die gemeenskap het die Mighty Men Konferensie bygewoon.	Om bywoners van die Mighty Men Konferensie verder te begelei. Om grense oor te steek na ander gemeenskappe. Om die verkenning spanne van die SAVGG aan die gang te kry.	Steun aan die Dienssentrum. Belewens wat die mans gekry het by die Mighty Men. Opgewonde oor die Basaar. Geniet wyksbyeenkomste en die saam kuier daarna.	Uitnodiging van God om meer betrokke te raak by al die fasette. Die feit dat God mense gelei het om betrokke te raak by erediensopleiding.	Die kerkraad het besluit dat die volgende mense gehelp moet word: Bejaardes, Jongmense, Plaaswerkers, Toeriste en Mense met griewe	Die mense se gasvryheid in ons omgewing en die unieke natuurskoon wat rus vir die siel gee. Ons oorweeg tans 'n jaarlikse Rhodes retraite.	Ons soek idees om mense te help om betrokke te raak by dienswerk.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Dordrecht	Dordrecht	Werkloosheid het toegeneem Droogte	Om onbetrokke lidmate betrokke te kry by die werksaamhede van die gemeente. Om ouer mense gelukkig te hou en terselfdertyd ook die jongmense! Om die negatiewe gees by sommige lidmate aan te spreek. Om VG Kerk se kerkgebou te help voltooi. Goeie verhoudings te skep met V G Kerk en ander kerke in die dorp.	Seën wat met wyksbyeenkomste ervaar word. Huisbesoek deur leraar (ook deur ouderlinge en diakens) Informeel dienste veral Kinderdienste Basaar VGK Kerkbesoeke Geesvervulde Leraar!	Mense (Lidmate) staan bymekaar in tye van krisis. Kommissies funksioneer suksesvol. Liefde tussen gelowiges. Bybelprojek bv subsiedeer: a) Xhosa Bybels vir VGK lidmate, plaasarbeiders b) Engelse Bybels vir skoliere c) Afrikaanse Bybels vir bruin mense	Verlorenes in hele gemeenskap - swart, bruin en wit Noodlydenes Koshuiskinders Jong lidmate wat nog nie betrokke is nie	Uitvoering van ons Ringsprojek om VG Kerk se kerkgebou te voltooi.	VBO geleenthede vir leraar soos bv Luisterseisoen werkswinkel in PE. Aanbieding van Luisterseisoen (Direkteur Begeleiding) in ons gemeente. Advies tov wat God se doel vir ons hier in Dordrecht is. Ringsittings bind gemeentes aanmekeer as familie vir Christus. Padberade beteken baie vir Gemeente.
Dordrecht	Elliot	Niks noemenswaardig. Gemeenskap en omgewing bly dieselfde.	Tans beplan die gemeente om baie meer betrokke te wees by nood en armsorg. As gevolg van die swak ekonomiese toestande in die land noodsaak dit die kerk om in die gemeenskap meer sorg te dra. Om onbetrokke lidmate betrokke te kry. Om mense te oortuig en te lei sodat hul verstaan dat die kerk meer is as 'n plek om hul kind te doop of om huwelike te bevestig, maar om te dien.	Die sangbediening. Entosiasiese leraar en kerkraad. Sukses soos 'n geslaagde basaar. Skakeling met ander donominasies.	Die seëninge in gemeente bv basaar wat 40% meer opgelewer het as verlede jaar ten spyte van die resessie in die land. Kerkbywoning wat aanhoudend verbeter. Mense wat harte oopmaak, wanneer daar 'n ongeluk of ramp is. Die dinge waarin ons God se teenwoordigheid in mense se lewens sien.	Jongmense, arm mense en kinders wat swaar kry agv ouers.	Hoe om regtig om te gee nie net vir lidmate nie, maar ook oor grense bv. Taxi-ongeluk naby die dorp. Anderskleuriges oorlede en beseer. Gemeentelede stig 'n fonds om hierdie mense finansieel te ondersteun.	-
Dordrecht	Indwe	Vraag 9 tot 15 se inligting was nie voltooi nie. Skriba: Liezel Henning (Tel: 045-9529004 / Sel: 079-897-9721 / E-pos: henningpl@gmail.com) sukkel om inligting uit die kerkraadslede te kry. Sy't 'n vergadering aangevra om hierdie sake te bespreek en te hanteer. Die vergadering kan eers 29 November plaasvind. Sy sal terugvoering gee sodra sy kan.						
Dordrecht	Maclear	Konstruksie maatskappye en subkontraakteurs se werk is voltooi en verlaat die omgewing. Verloor lidmate wat betrokke was by die kerk en gemeenskap. Diefstal neem weer toe a.g.v. Werkloosheid.	Geestelike groei in die gemeente. Uitrek na VGK - Begin met sokkombuis. Jeug is 'n klein groep - soek nuwe bediening.	Buitelug aktiwiteite. Nuwe geestelike liedere wat moontlik gemaak word met die nuwe tegnologie beskikbaar. MIGHTY MEN konferensie te Greytown. Samewerking met ander kerke (veral die Baptistekerk).	Beweeg weg van die tradisionele - gemeente ervaar geestelike groei op ander gebiede danksy ander blootstelling.	Swart (Xhosa) kerk in die swart woongebied. Noodlydendes - dra by tot sokkombuis. Groter kommunikasie tussen N.G. Lidmate en VGK lidmate. Diens aan gevanges (Speel van geestelike bande).	Samewerking met ander kerke (nie susterskerke) word baie positief ervaar.	Alternatiewe bedieningstruktuur t.o.v. die plaatteland wat verarm en nie predikant kan bekostig nie.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Dordrecht	Mithatha (Umtata)	Geen verandering.	Om te bly groei in ledetal aangesien meeste gemeentedele net op 1 - 3 jaar kontrakte in Mithatha is. Om 'n permanente predikant te kan beroep.	Uitreik geleenthede na Sinethemba. Huweliksseminaar wat in Maart 2009 in gemeente aangebied is. Deur ±12 huwelikspare bygewoon.	Dat die gemeente steeds funksioneer na 100 + jaar ten spyte van vermindering in lidmaat getalle en die afwesigheid van 'n permanente predikant.	Sinethemba - Versorgsentrum vir verstandelik en liggamlik gestremde kinders.	Ons het ons kerk oopgestel en wil 'n tuiste (geestelike tuiste) bied vir alle Afrikaanssprekende mense in Mithatha. Ons volg nog die dogma van die NG-kerk, maar alle Afrikaanse mense, is welkom. Ons het reeds ook swart- en bruin mense wat gereeld dienste bywoon.	-
Dordrecht	Ugie	Die grootste verandering die afgelope paar jaar in die omgewing is die nuwe fabriek wat deur PG Bison opgerig is. Dit het heelwat nuwe mense na die dorp gebring. Daar is selfs 'n nuwe woonbuurt gebou waarin nuwe mense kon intrek. 'n Aantal gesinne uit hierdie woonbuurt het lidmate van die gemeente geword maar nie soveel as wat ons gehoop het nie. Daar word beplan om nuwe besighede op die dorp te open. Daar gaan onder andere 'n Spar oopgemaak word.	Om uit te reik na die nuwe sendingveld. Om 'n besoekervriendelike gemeente te wees. Om verlore skape terug te bring.	Die 50 Jargie Fees van die kerkgebou het einde Mei plaasgevind. Ds Solly Ozrovech het gepreek en Prof Albert Troskie het Saterdag 'n orreluitvoering gelewer. Die kerkbywoning van Sondagoggend was ongeveer 200% van die normale kerkbywoning. Die orreluitvoering is ook baie goed bygewoon. Daar was goeie samewerking vir die jaarlikse basaar en ons het besonder goed gedoen, as mens in ag neem hoeveel lidmate ons het.	Die manier waarop mense mekaar ondersteun in tye van nood. Om te sien hoe mense in nood hulp kry. Groei in gemeentegetalle. Die vredevolle wyse waarop die verkiesing afgeleef het. Wonderwerke waarop gelowiges wat ernstig siek was genees is. Verandering in mense se gesindhede om beter saam te werk en God beter te dien.	Mense in nood, armes, oues, hongeres. Om te deel in mense se nood en vreugde. Mense wat sonder Christus leef.	Om as 'n relatief klein gemeentetjie te oorleef. Om ten spyte van verskille in liefde en vrede saam te leef.	Hoe om jong mense en jong getroudes meer betrokke te kry.
Graaff Reinet	Klipplaat	2008 was taamlik droog ± 170 mm is aangeteken vanaf 1 Maart 2008 tot 28 Februarie 2009. Ons was droogtegeteisterd verklaar en het 'n bietjie Regeringshulp gekry waarvoor ons baie dankbaar is. Die Here is goed vir ons. Ons oudste lidmaat, Mnr Leon Slabbert is op 25 Julie 2008 oorlede op die ouderdom van 89 jaar.	Ons wil graag onafhanklik bly voortbestaan as die NG Gemeente van Klipplaat.	-	Ons sien Sy Hand elke dag in die natuur (die meeste van ons is boere). Hy beplan ons daaglikse lewens en voorsien ons gereeld van predikers wat nie omgee om ver na ons toe te kom nie. Hy behoed ons, Hy bewaar ons, Hy dra ons.	-	Ons kan goed saamwerk. Jesus is in ons midde en ons stry nie, bv die reuse sukses wat ons 100-jarige bestaan van ons kerkgebou verlede jaar op 18 Mei was. Ons het 'n fees gehad met 'n vorige prediker, Prop. Willie Esterhuizen wat die preek gelewer het en Ds Bester wat die doop behartig het en Nagmaal bedien het.	-

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Graaff-Reinet	Aberdeen	Die afgelope paar maande was die ergste droogte in 50 jaar. Die boerderygemeenskap en selfs besighede is erg daardeur geraak. Laas jaar was die brandstofprys meer as dubbel die normale, wat almal geraak het. Daar is steeds groot maatskaplike probleme in die gemeenskap - drank en dwelmmisbruik, morele standarde, verhoudings en huwelike. Die wêreldwye ekonomiese krisis het ook die boerderygemeenskap geraak want die boere produseer uitvoerprodukte. Baie meer maatskaplike hulp moes in die gemeenskap aangewend word agv die styging van lewenskostes.	Die Kerkraad het gefokus op die maatskaplike probleme in die gemeenskap en het onderneem om vir die verskillende situasies voorbeelding te doen. Daar word dan vir 'n tema 'n maand lank gebid. Bv die eerste maand was die drank- en dwelmproebleem, die tweede maand was die armoede- en werkloosheidsprobleem, die derde maand was huwelike. Die maatskaplike nood in die gemeenskap is 'n groot uitdaging. Die gemeente werk daaraan om fondsinsamelings meer effektief te maak sodat die nood beter bedien kan word.	Daar is steeds 'n entosiasme by leiers en lidmate om uit te reik na die gemeenskap (evangelisasie). Daar is 'n groot omgee-aksie in die gemeente vir mense in nood, hetsy deur kos en klerevoorsiening. Daar is 'n groot omgee vir ons seniors. Lidmate se verhouding met die Here en saam daarmee die aanbidding, eredienste, gebedsbyeenkomste en Bybelstudies motiveer mense tot groter entosiasme.	Ons sien die Here se werking raak in die sameloop van omstandighede rondom bv die dwelm en drankprobleem in die gemeenskap. Ons sien ook die verskil wat die Here maak deur die weeklikse voorbeelding saam met die ouderlinge van elke wyk. Die betrokkenheid van lidmate by wyksbyeenkomste en gebedsgeleenthede. Nie-lidmate se betrokkenheid by die gemeente. In die beantwoording van gebede tov die natuurtoestande. Die wonders wat in gesinne en mense se lewens gebeur.	Plaasarbeiders in samewerking met die VGK. Kinderhuise in PE en omgewing. Noodlydendes in die gemeenskap. Bejaardes.	Dat die hoop en vertroue op die Here nooit beskaam nie, dat Hy sorg en voorsien, dat Hy gebede beantwoord.	Om ons hand te vat as ons moed en krag min raak om al die dinge te hanteer. Gemeenskaplike projekte wat vir ons te groot is.
Graaff-Reinet	Graaff-Reinet	Die Karoo is voortdurend gewikkel in 'n bestaansstryd - ons leef in semi-woestyngebied - en daarom ervaar ons soms krisisse as deel van ons daaglikse lewe. Dele van ons distrik kry swaar onder 'n droogte wat al vir enkele jare voortgaan. Die landswye ekonomiese krisis raak ons besighede en inwoners ook, maar daar is not nie grootskaalse werksverlies nie.	Groter betrokkenheid van die jeug. Evangelisering van kerklose mense. Werkskepping. Groter samewerking met die VGK.	Wanneer gelowiges lekker dinge saam doen - sosiaal en Geestelik saam verkeer. Die bediening in die gemeente volgens die Gawes van die Gees.	Hy bly steeds getrou en is werklik die God wat voorsien. Hy werk in die mees onverwagte situasies en deur vreemde en interessante mense.	Na die kinders, jongmense, werkloses, hulle wat honger en siek en moedeloos is.	Lidmate wat geleidelik verantwoordelikhede oorneem.	Ouderlinge omgee en groter gemeensaamheid.
Graaff-Reinet	Jansenville	Die voorbeelde hierbo genoem, is inderdaad van toepassing - selfs langer as net gedurende die afgelope jaar. Demografies vind daar verandering plaas aangesien poste wat tradisioneel deur N.G. Kerklidmate beklee is, tans deur lidmate van ander kerke beman word. Dit het 'n gevoelige impak t.o.v. Leierskap gehad. Die knellende droogte in die omgewing het ook nadelige invloed op die finansiële vermoë van die gemeente. Die kerk bevind homself ook al hoe meer in 'n anti-instituêre klimaat. Maar die Evangelie bring hoop en lewe.	Vanweë die tydsgees is daar al hoe meer mense wat hulle nie meer aan die kerk as instituut steur nie. As gevolg van minder lidmate (ontvolking) is die gemeente nie meer in staat om 'n voltydse leraar te bekostig nie. Die feit dat sekere sleutelposte in die gemeenskap nie meer deur blanke persone beklee word nie, beteken dat die gemeente baie leiers verloor het.	Oor die boodskap van die Evangelie. Die feit dat dit 'n klein gemeente is, bring mee dat die lidmate betrokke is by mekaar se leef en leed. Dit beteken dus dat daar nie onnodige energie verspil word op die instandhouding van strukture nie. Die lidmate leef na aan die aarde en dit bring mee dat hulle leefstyl pretensieloos - 'n lewe van eenvoud.	Die uitdagings herinner ons aan die onvolmaakte wêreld, en die roeping om God se koninkryk ten spyte daarvan gestalte te laat kry. In die positiewe sien ons die versorgende hand van die Here wat sy kerk in stand hou en sy koninkryk steeds laat kom.	Daar is mense in elke groep hierbo genoem aan wie ons aandag gee. In die besonder is ons besorg oor die relatief groot aantal mense wat los van die kerk leef sonder enige klaarblyklike rede.	Dit wat ons onder 11 hierbo genoem het. Die wyse waarop 'n kontrakpos hanteer kan word.	Oor hoe kerkvervreemde mense in 'n postmoderne wêreld met die Evangelie bereik kan word in die aangesig van kritiese teologiese vrae en talle ander religieë.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Graaff-Reinet	Murraysburg	In die loop van die jaar het die gemeenskap min verander. Vanaf Augustus 2008 tot Februarie 2009 het die distrik 'n baie strawwe droogte ondervind. Gelukkig het oorvloedige reën oor die grootste deel van die distrik sedert Maart 2009 geval. Die landbousektor, wat die hoofbron van inkomste vir die gemeente is, is as gevolg van die droogte en hoë insetkoste, onder druk. Ander sektore van die gemeenskap is ook onder druk as gevolg van die wêreldwye afname in ekonomiese groei. Die werkloosheidsyfer onder ongeskoolde werkers is ook baie hoog.	Om in alle opsigte 'n gemeente in Christus en vir Christus te wees. Om die maatskaplike/sosiale agteruitgang van die gemeenskap (nie-lidmate), te beperk en om te draai. Dit is veral die wanaanwending van staatstoelaes wat groot sosiaal maatskaplike probleme skep. Om te besef dat ons verblyf op aarde tydelik is. Dat ons die omgewing en hulpbronne met groot verantwoordelikheid kan "leen", én ook 'n beter omgewing moet agterlaat as wat ons ontvang het.	Samekomste van die gemeente, bv. * Dankfees * Nagmaalsdiens * Pinkstertyd * Dankdae na goeie reën * Kerssangdiens * Die goeie gees van samewerking en ondersteuning met projekte, soos die Dankfees, fondsinsamelings vir die Huis vir bejaardes, ens.	Die meeste lidmate is betrokke by landbou en werk daagliks met en binne God se skepping. Die landbousektor is baie afhanklik van reën en ander klimaatstoestande, en baie bewus van die genade van ons Skepper. Die gemeente het sowat 6 jaar gelede nie geweet of hulle teen 2010 nog 'n voltydse predikant sou kon bekostig nie. God het egter in so 'n mate voorsien dat die gemeente weer 'n voltydse leraar kon beroep. God het die gemeente ook op 'n spesiale wyse in die beroepsproses begelei en ons met 'n besonderse leraarspaar geseën. Ons is dankbaar en opgewonde daaroor.	Om verskeie redes is die gemeente waarskynlik te veel na binne gekeer. Die klein aantal lidmate is dalk een van die belangrikste redes, maar dit sou verkeerd wees om dit as 'n verskoning aan te voer. Dit is dalk nodig dat die gemeente biddend oor hul roeping na "buite" sal besin. Aan die positiewe kant, is die gemeente betrokke by die plaaslike VGK gemeente en beplan ons om nog nouer saam te werk. Lidmate is op 'n individuele basis betrokke by diens van barmhartigheid en projekte om werkloosheid te verlig en aan werklose persone vaardighede aan te leer.	Die tydperk waarin die gemeente sonder 'n leraar was, het kerksaatslede en lidmate met toewyding die gemeente gedien. Eredienste en ander aktiwiteite het normaalweg voortgegaan.	Die gemeente kan by ander gemeentes gaan leer watter tipe projekte binne die gemeenskap (vir nie-lidmate), suksesvol aangebied kan word. Ons wil ons dank en waardering uitspreek vir die ondersteuning van die Ring, en veral ds. Johan Esterhuizen (konsulent), in die tydperk wat die gemeente sonder 'n leraar was.
Graaff-Reinet	Nieu-Bethesda	Dieselfde gebly. Meeste lidmate is boere en derhalwe het die droogte 'n groot rol gespeel.	Om te kan bly voortbestaan in die huidige ekonomiese klimaat. Woordverkondiging.	Uitreikaksie buite en binne die gemeente se werksaamhede.	Uiteraard van ons werk, lewe ons naby die natuur en dus naby ons God.	Reik uit na VGK deur Eredienste en uitreikaksies.	Samewerking en goeie bywoning van Eredienste. Hoogste Bybelverspreidingbydrae.	-
Graaff-Reinet	Nuwekerk (GRT)	Die gemeente en distrik word geteister deur droogte. Die huidige ekonomiese impak het 'n invloed op besighede.	Bywoning van eredienste. Beheer en bestuur van finansies van die gemeente. Betrokkenheid van lidmate in die gemeente. Effektiewe pastorale diens word groter. Betrokkenheid van die jeug.	Ons Dankfeesbasaar in Mei en gedurende September die Lentebasaarweek Gemeentefunksies Eredienste	Gesien die finansiële toestand in die land - God se seëninge vir ons gemeente en om finansiël ter onderneem. Min vakatures op die kerksaats. Amptenare en werkers wat gelukkig is en goeie diens lewer!	Jongmense buite die gemeente	Huidiglik die gesindheid van die kerksaats en samewerking in die kerksaats. Gesamentlike interkerklike aandienste en eenmaal per maand 'n Jeugaanddiens. Interkerklike koffiekroeg/BKJA, Junior en Senior kinderkrans wat deur die twee NG gemeentes se Jeugkommissies bestuur word. Interkerklike dorpskoor.	Dat die Padberade wat deur die Sinodale kantoor aangebied word, uitgebrei word deur gemeentes/kerksaats te besoek en inligting deur te gee oor die werksaamhede van die Oos-Kaapse Sinode en algemene inligting rakende die kerk in Oos-Kaapland.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Graaff-Reinet	Rietbron	Droogtetoestande het oor 'n groot gebied geheers. Reën het nog nie oral uitkoms gebring nie. Ouer boere en hul eggenotes verhuis na naby geleë dorpe, andersins bly die samestelling van die gemeenskap konstant.	Om die plaaslike erediens in stand te hou en die suksesvolle funksionering van die liggaam van Christus op alle gebiede te laat geskied, ten spyte van die kwynended ledetal. Om die plaaslike laerskool doeltreffend te laat funksioneer.	Omdat die lidmate getal so beperk is kan nie een bekostig om lyf weg te steek nie. Dus is almal werksaam. Elke wyk is vir 'n tydperk van twee jaar betrokke by 'n spesifieke aksie, hetsy barmhartigheid, jeug, gemeente bediening of sending/evangelisasie. Die jaarlikse Dankfeesbasaar - veral die veeveiling - is 'n groot gebeurtenis; 'n klein klompie wat baie vermag.	Die boeregesinne besef elke dag hul afhanklikheid van die Here. Hy gee die reën en die wasdom. Hy gee die vermoë en die wysheid om die weiding en die vee kundig te bestuur. Daarom leef daar 'n innige dankbaarheid onder elkeen vir die gawes van Bo. In tye van teëspoed leer die Here ons almal geduld en volharding in die geloof.	As leraar hoor ek die versugting onder vele lidmate van talle kerke: die verdeeldheid van die kerk van Jesus Christus veroorsaak dat ons nie 'n Christelike samehorigheid teenoor die wêreld kan ervaar. Daarom stel die wêreldling ook nie juis belang in Christus nie! Dus gedy die roekelose lewe onder so baie - drankverslawing, HIV-Vigs, kinderverwaarlosing, werkskuheid, armoede, weinig/geen gesinsbeplanning. Plaaswerkers word bedien by wyksbidure en nagmaaldienste.	Ons gemeente probeer om op gereelde basis met die ander Christelike kerke saam te kom vir die beplanning van gesamentlike optrede binne ons plaaslike opset in verband met die vestiging van Christelike waardes en norme.	Terugvoering van geslaagde projekte in verband met die opheffing en verbetering van die plaaslike ekonomies-swak omstandighede.
Graaff-Reinet	Steytlerville	Ons boerdery-gemeenskap is die afgelope jaar deur droogte geteister - met negatiewe implikasies op die hele gemeenskap. Misdaad is 'n groot probleem veral op die dorp - daar is selfs twee keer by die kerk ingebreek. A.g.v. die droogte en swak ekonomiese toestande het armoede toegeneem - daar is van ons lidmate wat baie swaar kry. Op die dorp is daar voortdurend 'n in- en uitvloe van inwoners - ook a.g.v. swak ekonomiese toestande. Toerisme het die afgelope jaar baie toegeneem - 'n pluspunt. In die gemeenskap was daar tekens van Christelike groei - seker die meeste Bybelstudie en selgroepe ooit in ons kerk. Samewerking met ander kerke het verbeter.	Ons het 3 belangrike uitdagings gestel: 1. Om Christelike groei nog verder te bevorder. 2. Om die misdaadkrisis aan te spreek. 3. Om voedsel te voorsien aan behoeftiges.	1. Die dissipelskap-kursusse wat deur groepe in die gemeente gedoen word. 2. Passievolle predikante wat die woord van God vir ons bring.	Die goeie reën wat ons distrik ontvang het nadat ons lidmate in groot getalle Angus Bucham se biddag bygewoon het. Dit wat die Omgee-Aksies bereik deur kursusse aan te bied en uit te reik na persone in nood.	Jong mense en verslaafdes - veral alkohol misbruik. Tienerswangerskappe is 'n probleem. Misbruik van pensioengeld.	Hoe om 'n gemeente suksesvol te bestuur sonder 'n permanente leraar.	Kerk hereeniging - vir heelwat van ons lidmate is dit 'n probleem.
Graaff-Reinet	Waterford	'n Groot aantal lidmate het verhuis ag die uitbreiding van die Addo Olifant Park na die area - lidmaattalle het dus afgeneem. Ondervind tans droogte in die omgewing wat finansiële implikasies inhou vir lidmate en negatief inwerk op emosionele welstand.	Die feit dat daar nie 'n vaste predikant (pastor) is nie veroorsaak dat lidmate "herderloos" voel. Geestelike apatie kom voor, want daar is niemand wat leiding neem of die kwessie aanspreek nie! Afstande speel 'n groot rol in kerkbywoning en betrokkenheid.	'n Gebrek aan passie veroorsaak dat aktiwiteite gemik is op die behoud van die struktuur en geen uitreiking na buite vind plaas nie.	In tye van crises bv droogte is daar 'n dieper soeke na God en 'n groter bewustheid van die afhanklikheid van God.	In hierdie klein plattelandse gemeenskap word almal betrek.	Ten spyte van onderlinge verskille is 'n samehorigheid in tye van nood 'n kenmerk van ons gemeente.	Hierdie klein gemeente het geleer om selfstandig te funksioneer. Die gemeente van Uitenhage-Oos is Waterford goedgesind en ondersteun in die kwessies wat nie self hanteer kan word nie.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Graaff-Reinet	Willowmore							
Humansdorp	Gamtoosvallei	Gemeenskap word ernstig geraak deur drankmisbruik en Vigs. Daar sterf daagliks mense in die Gamtoosvallei aan Vigsverwante siektes. Die werkers het al so "vicious" geraak agv drank en "All Pay" dat daar al hoe meer gedurende sitrusseisoen van werkers buite die gemeenskap gebruik word. Heelwat Sotho-sprekende mense sowel as mense van Zimbabwe word toenemend gebruik. Droogte en die huidige ekonomiese klimaat eis ook sy tol in die vallei.	Om hierdie onbegonne saak wat in nommer 9 bespreek is aan te spreek. Om die Evangelie ook aan die seisoenwerkers (van buite) te bring. Om elke plaas te evangeliseer.	-	-	Plaaswerkers	Ons bediening aan die plaaswerkers is vanjaar 25 jaar oud. Ons het baie knap werkers wat ander gemeentes kan help om aan die gang te kom met 'n soortgelyke bediening.	-
Humansdorp	Gamtoosvallei-Oos	Ons beleef in knellende droogte wat 'n direkte impak het op ons boerdery-gemeenskap wat 'n groot deel van ons gemeente uitmaak. Die duur inset - koste is ook 'n bepalende faktor vir ons gemeente se boere en die uitwerking van die resessie het ons gemeente ook beïnvloed ten opsigte van ons gemeente lede se gemoed en toekoms visie.	Om meer betrokke te raak by sending in die bemagtiging van individuele lidmate.	Lidmate is passievol om mekaar te ondersteun en te bemoedig in moeilike tye. Daar is 'n samehorigheid in ons gemeente wat eintlik ongekend is.	God word as sentraal in ons lewens ervaar. Die probleem is egter dat daar 'n "skeiding" gemaak word tussen mense se geloofslewe en alledaagse lewe wat spanning kan veroorsaak omdat die verskil tussen die twee pole so groot is in sosmige gevalle.	Dit is moeilik om te sê maar daar is 'n behoefte om meer uit te reik na ons plaasarbeiders.	-	Ons benodig leiding ten opsigte van die fasilitering van 'n proses om groter betrokkenheid aan te wakker by uitreike en aandig in ons gemeente.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Humansdorp	Humansdorp	Die gemeente het die laaste aantal jare bewus geword van die armoede en nood in ons gemeenskap, veral onder bejaardes en ander wat nie vir hulself kan beskerm nie. Te midde van 'n knypende droogte het lidmate mee gewerk aan 'n projek om te voorsien in die behoeftes van bejaardes en kinders. Dit het gelei tot uitreik projekte na die plaaslike hospitaal, die PZ Meyer hospitaal in die naburige woonbuurt, kleuterskole in al die gemeenskappe en groter samewerking met die plaaslike CMR.	Een van die groot uitdagings in die gemeente is om lidmate meer betrokke te kry in hul plaaslike omgewing. Met 'n gemeente wat grootliks bestaan uit plase oor 'n wye afstand, maak dit egter sulke projekte baie moeilik. Die gemeente probeer egter die uitdaging aanpak deur 'n plaasprojek van stapel te stuur wat fokus op die behoeftes van plaaswerkers en hul gesinne. Ons glo dat hierdie 'n geleentheid kan wees om nouer verhoudings tussen boere en hul werkers te kweek, maar ook onderling met die gemeenskap en die gemeente.	Lidmate is passief oor die werk wat die Here in die gemeente doen. Veral omdat Diens van Barmhartigheid baie naby aan die hart van talle lidmate lê, maak dit geweldig baie energie los. Daarmee saam het ons terapeur ongeveer twee jaar gelede begin met 'n Emmausgroep wat met mense in nood 'n pad van versorging en diens kan stap. Hier uit word wonderlike getuienisse gebore en meer mense raak betrokke. Die afgelope aantal jaar het 'n groter getuienis bewustheid ook in die gemeente pos gevat. Daar is 'n baie entoesiastiese getuienisaksie wat begin het om te werk in ons gemeente en gemeenskap. Projekte is geïdentifiseer en ons glo dat hierdie aksie nog baie nuwe energie in die gemeente sal laat ontstaan.	Die Kerkraad begin in die derde kwartaal van die jaar met 'n proses om fyner waar te neem waarheen die Here ons stuur. Ons sal graag hierdie reis wil begin omdat dit ook beteken dat ons onself afvra watter grense ons moet oorstek. Hierdie reis maak ons tans opgewonde.	Ons glo dat die Here ons noodlydendes, jongmense en ook na die gevangenes op Patensie stuur. Hierdie laasgenoemde projek doen ons saam met die NG Gemeente Gamtoos-Oos. Dat die Here ons na die wêreld en ons gemeenskap stuur weet die gemeente al reeds vir 'n geruime tyd. Ons besef dat die Here dalk in die toekoms vir ons op ander terreine ook sal wil gebruik en ons vertrou Hom vir die rigting waarin Hy Sy gemeente stuur.	Geestelike toerusting (Prediking) wat die Kerkverband (Sinode) aanbied is van groot belang vir die gemeente. Ons hoop om in die toekoms ook meer hiervan gebruik te maak. Die feit dat die Ring van Humansdorp reeds lank besig is met plaaswerker toerusting en getuienis is vir ons 'n wonderlike bron van inligting. Die werking van ons Emmausgroep en terapie by die gemeente is iets wat ons vir die kerkverband kan aanbied as 'n werkswyse om lidmate betrokke by ander te kry.	Ons gemeente is geseënd om in 'n wonderlike Ring en Sinode te kan funksioneer. Ons ervaar dat daar in ons behoeftes voorsien word.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Humansdorp	Humansdorp-Oos	Groot droogte in ons omgewing. Finansiële druk op gesinne en dit beïnvloed alle besighede, projekte ens. Met EE III bereik ons die omgewing selfs ook buite ons grense.	Vanuit nr 9 se antwoord lei dit ons gemeente om in afhanklikheid van die Here te lewe. Dit bring ook mee dat daar op maatskaplike gebied 'n groter betrokkenheid verwag word. Dit vra ook dat ons vir mekaar meer ondersteuning sal gee.	Die waarheid van die Woord oor te dra in 'n tyd van misleiding. Om ons jeug te lei na 'n verhouding met God en dit uit te leef in die praktyk. Die nuwe gawebediening bring ook vernuwing en dit is positiewe energie. In Uitreikbediening is betrokkenes elkeen werklik getrou in hulle verantwoordelikheid. EE III-lede huidig en uit die verlede is werklik bewus van hulle opdrag en bly nogal opvallend betrokke. Samewerking soos bv vir 'n basaar of funksies laat mense saamwerk - leer mekaar ken. Jeugbediening is gesond en raak al meer aktief. Projekte en uitreike word goed beplan soos 'n Vrouekonferensie asook die Canzibé uitreik.	Wanneer Hy die opdrag gee, vertrou ons Sy belofte dat Hy ons ook gewillig en bekwaam sal maak. Persone wie se lewe verander en verryk word wanneer hulle Hom ontmoet. God is die rede vir alles, Sy liefde dryf ons! God is Hoof van die liggaam!	Verlorenes Noodlydendes Kerklos mense Mede-Christene wat ons nodig het Jeug lê na ons hart Daar is 'n behoefte aan 'n enkelouerbediening	Sterk leierskap om onbevrees standpunt in te neem teen onbybelse uitsprake.	-

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Humansdorp	Jeffreysbaai	Oorkapitalisasie in Boubedryf lei tot ooraanbod van middelklasbehuising. Nuwe inkopiesentrums deels goed en werkskeppend maar ook sleg in die vernietiging van gevestigde kleiner sake, gepaard met werksverliese. Uitbreiding aan informele woongebiede met instroming van buitelanders (veral Somaliërs en Zimbabwiërs) lei tot enkele gevalle van Zenofobie, toenemende armoede, geweld en misdaad. Globale finansiële krisis lei tot verarming, terwyl verlaging van tentkoerse baie afgetredenes wat van renteinkomste afhanklik is swaar tref. Die ernstige droogte en brande in die streek het 'n groot negatiewe impak op die ekonomie en gemoedstoestand van mense. Dwelms en ander euwels raak al meer algemeen. Die demografiese verandering in Jeffreysbaai het groei en agteruitgang meegebring.	Om uit te reik na diegene in nood: Lidmate, ander lede binne die gevestigde informele behuising en informele woonbuurte. Dit sluit in opleiding, werkskepping, bystand aan hongerlydendes en armoediges, maar ook geestelike ondersteuning aan genoemdes sowel as gegoede persone in krisis en trauma. Om die Jeug te laat welkom voel in ons gemeente en hulle te mobiliseer vir Jesus. Om meer lidmate te kry om hulleself beskikbaar te stel om te dien en te bedien en 'n verskil te maak. Om die Kleingroepbediening uit te brei. Om lidmate toe te rus om paraat te wees vir die swaar tye en ingrypende veranderinge. Interkerklike samewerking in die gemeenskap. Ons Moederkamer baba/peuter vriendelik te maak. Die Jeugdientse moet meer fokus op buite kerklike jongmense wat Sondag- en ander aande in kroëë kuier en ander kerkgenootskappe bywoon.	Akkomodasie van verskillende aanbiddingstyle. 2008 AR40 - Geloofvernuwingsveldtog. Bedieninge en Projekte. Inspirerende Woordbediening. Pinksterreke. Dankfees (Basaar). Omgeeviediening het veral in die jongste tye baie energie losgemaak. Die effektiewe nuwe fisiese fasiliteite by die Kompleks bied geleentheid tov beter steundienste aan bedieninge. Vrouebediening beleef 'n bloeitydperk. Toewyding van leiers op baie vlakke van die gemeentelewe. Jeugkampe en Kategese. Die groot getal lidmate (65) wat Sondag deurdiens doen. Skep 'n atmosfeer van gasvryheid en warmte. Die Gemeentesang nooi lidmate om deel te raak van die Erediens. Die Dinamiese bestuurstelsel en leierskap wek baie energie en mobiliseer meer en meer lidmate om by gemeente aksies in te skakel.	In die Geloofsgroei van mense by na die Geloofvernuwingsveldtog, Pinksterreks en toerusgeleenthede soos Dissipelskap, Veritas, Bybelstudiegroepe, ens. Vrymoedigheid by lidmate om insette te lewer deur waardering, voorstelle of kritiek. Die groei van Eredienste as Publieke getuienis. Teespoed (fiansieel - ekonomies, droogte siekte en ander krisisse) bring mense op hulle knieë voor God wie ons gebede verhoor. Entoesiasme van betrokke lidmate by Dankfees (Basaar) bedieninge en steundienste. Die seën van die Here op projekte van die gemeente. Die voorsiening van fondse vir projekte in en buite die gemeente. Die Here het deur die jare meer positiewe gesindhede in ons gemeente geskep. Die gemeente is baie meer gemaklik en ontvanklik vir vernuwing as vroeër jare. Daar is baie meer lidmate wat openlik getuig en bid.	Na almal wat in nood verkeer...Gemeentevisie. "God maak ons golwe van liefde en lig vir die wêreld in nood. Die gemeente is reeds betrokke by straatkinders, gevangenes, skoolkinders (kos, klere, vervoer) en ander noodlydendes. Vreemdelinge uit Afrika. Misdadigers. Onbetrokkenis - randfigure in ons gemeente. Werkloses. Pellsrus en Tokia Sexwale (woonbuurte). Verslaafdes, Vigslyers, Mishandelde, Huis- en tuinhulpe, Aftreeoorde. Kinderhuise (MTR Smitkinderhuis en Oosterland Jeugsentrum). Soekende Jongmense van ons dorp. Groeiende getal minderbevoorregtes.	Hoe om 'n verskeidenheid van spiritualiteite te akkomodeer. Hoe om konstruktiewe Kerkraadsvergaderings te hou. Hoe om 'n massiewe Geloofsvernuwingsveldtog te loods. Hoe om Basaar te hou. Aanwending van ervare kundige afgetredenes in die bediening. Innoverende strukturering en bestuur. Aanwending van ervaringsleer in die Jeugbediening. Iemand het voorgestel dat ons 'n sokkombuis vir die massas kan bedryf uit ons geboue en 'n werkverskaffingsburo daaraan koppel. Ons Musiekgroep het gegroei na volwassenheid en kan sommige Ringsgemeentes dalk help om so iets suksesvol op die been te bring. Die Jubelkoor, Jeffreysbaai Mannekoor en Jeffreysbaai Dameskoor is waarlik 'n uitvoerprodukt wat vir baie gemeentes tot seën kan wees. (Laasgenoemde kore nie gemeentekore nie).	Interkerklike skakeling en samewerking. Arbeidsbediening. Om meer lidmate betrokke te kry. Koinonia - Kleingroepbediening (Wyke en Omgeegroep). Uitreiking na onbetrokkes, kerklosses en kerkloses. Uitreiking oor grense heen. Ondersteuning van nuwe lidmate. Begrip/verdraagsaamheid teenoor ander kulture. Eredienste in Paradysstrandsaal verder uitbou. Meer gasvryheid en warmte rondom en binne ons Eredienste.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Humansdorp	Joubertina	Natuurverskynsels het tans 'n groot invloed op ons gemeenskap. Ons is tans in 'n ernstige droogte. Plaasdamme droog op, riviere vloei laag, huishoudelike water is 'n probleem en selfs siektes word aan lae watervlakke toegeskryf. Groot brandskade. Alkoholmisbruik bly 'n oorheersende probleem. 'n Tweede kind is in die Langkloof deur kinders vermoor. Geweldstruktuur neem ernstige afmetings aan.	* Hulp in nood. * Voorkoming van misbruik en afhanklikheid. * Gestuurde Gemeentes se navorsing bied uitdagings wat hanteer moet word: - Erediensbywoning - Jongmense - Fokus op God die Vader, Seun en Heilige Gees	'n Lewingspunt tans is gelowiges wat oor Kerkgrense heen hande vat. Voorbeelde hiervan: - Tweeriviere biduur vir reën - Hoërskool McLachlan biduur vir reën - Krakeel Buitediens - Nagmaal saam met AGS - Kanselruiling met Misgund VGK - Sangdiens met NGK Misgund	God is in alles (droogte, vuur, hande vat, ens) en daarom behoort ons te reageer wetende dat God daarin is. Wandel in die Woord bied geleenthede vir geloofsonderskeiding.	Ons leer al meer dat die erediens publieke gebeure is en dat ons hier verwelkomend moet wees. Ons word spesifiek gestuur na misbruikers van alkohol.	VALK-Projek (Voorkoming van Afhanklikheid in die Langkloof) se werk kan met brug ook by ander benut word.	Rentmeesterskap
Humansdorp	Kareedouw	Distrik het die afgelope jaar gebuk gegaan onder knellende droogte. Uit die aard van die saak het dit 'n wye uitwerking op sosiaal-ekonomiese vlakke. Die gemeente het in hierdie situasie 'n bedeiende rol gespeel. Ondersteuning en bemoediging het op verskeie vlakke deurgewerk. (Biddag vir reën, voedselvoorsiening, spesiale dienste)	Implementering van ontmoetingsbeleid ten opsigte van liturgiese viering. Formalisering van misionere energie en strukture. Gemeente het nuwe, lidmaatgedrewe bedieningsmodel aanvaar. Orreliis en sanggroep ontwikkel finominaal. Herdefiniering vir visionering.	Om mee te werk, deur gebed en aksie aan God se plan om Kareedouw vir God te eien. Kareedouw is God se plek, Gos se mense en God se tuiste. Teosentriese belewenis staan voorpo. Omgee-groep wat uitreik na senior burgers. Koukamma Evangelisasie Aksie maak mense heel.	Reikhalsende verlanse word telkens op verassende wyse gevul in mense se entoesiasme en deelname. Ons sien hoe mense groei in spiritualiteit en sosiale verantwoordelikheid. Ons nuwe bedieningsmodel laat lidmate toe om hul gawes tot eer van God en sy mense te gebruik. Musiek (koor en lof en aanbidding) bloei tot eer van die Koningryk.	Kinderbediening - bedien alle gemeenskappe. Senior burgers wat weens vereensaming en marginalisering agterweë bly.	Koukamma Evangelisasie projek. Koorsang en dramatiese aanbidding van evangeliese boodskap.	Toerusting ten opsigte van dissipelskap-groei en missiionale uitreike in ander wêreld.
Humansdorp	Loerie	Die omgewing is besig om te ontvolk agv swak boerderyomstandighede soos insetkoste, arbeid en produkpryse. Dit laat ook die kerk se inkomste krimp en maak dit moeilik om al die verpligtinge na te kom.	Om te oorleef en nog steeds die gemeente sinvol te kan bedien.	Die voortbestaan van die Gemeente en die bystaan van persone in nood.	Sonder God se hulp en seën sou die Gemeente lankal nie meer bestaan het nie. Hy is nog steeds die een wat troos en krag gee.	Die gemeente reik uit na mense in nood en al is die jongmense min is dit 'n teikengroep.	Hoe om nie moet te verloor nie en hoe om kreatief inkomstebronne te vind wat nie deel van gewone kerklike funksie is nie.	Voorbidding en daadwerklike hulp en leiding hoe om Geestelik te oorleef in moeilike omstandighede.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Humansdorp	Misgund	Ergste droogte in 80 jaar	Om mense te help wat finansiële hulp benodig agv die feit dat hulle, hulle werk verloor het. Om die afstand tussen bruin en wit te laat verdwyn.	Oor Jesus en hoe ons God se koningryk in Misgund kan laat bou. Die losmaak van die ou tradisies wat mense gebind het sodat hulle nie werklik vrylik kan aanbid nie. Die vrye beweging van die Heilige Gees met die gepaardgaande veranderde lewens volg vreugde en opgewondenheid oor Jesus.	Lidmate wat jare weg was van die kerk begin terugkom. Die Heilige Gees is besig om lidmate op te rig om regtig kerk te wees in hulle werkplek. Bediening vind by die werkplek plaas en daar is 'n groot honger na Jesus.	Jong mense, drank en verdowingsmiddel verslaafdes		
Humansdorp	Tsitsikamma	Die gemeenskap het in die afgelope jaar min of meer dieselfde gebly. Vanweë die 3 laekoste behuisingskemas was daar 'n vermeerdering in bevolkingsgetalle - veral swartmense. Die herbou van die N2 verskaf vir baie werk, maar die projek is binnekort voltooi: wat dan gaan gebeur is onseker. Vanweë die swak ekonomiese toestande, verloor arbeiders hul werk. Nog afliggings word in die vooruitsig gestel. Die Tsitsikamma erfaar die grootste droogte in baie jare. Daar word gereeld om milde uitkoms gebid. Wat die gemeente aanbetref is die leraarspos weer gevul en word die toekoms met groot verwagting tegemoet gesien.	Na moeilike en hartseer tye wat beleef is, erfaar die gemeente in die afgelope tyd geestelike en fisiese (t.o.v. lidmaattal en finansies) groei. Daarvoor is daar opregte dankbaarheid. Tog bly die uitdaging en die versugting om meer lidmate daadwerklik betrokke te kry by gemeentelike aktiwiteite, erediens en onderling by mekaar. Verdere geestelike groei, die opbou van die gemeente asook die uitbou van die gemeente is uitdagings wat aandag geniet. Die geestelike en kerklieke woestyn (o.a. vanweë gebrekkige bearbeiding) waarin baie mense (veral swart en bruin) in hierdie omgewing leef, kan nie verder ongesiens gelaat word nie.	Die uitdaging om lidmate wat hul bande met die gemeente verbreek het, terug te wen asook om ander wat buite die gemeente staan, te bereik en in te skakel, blyk 'n aansporing vir die lidmate te wees. Nuutgevonde samewerking en die verbetering in die finansiële toestand van die gemeente, het nuwe energie gegee. Die visie van die gemeente, nl. "Nuwe lewe vir almal deur Jesus Christus", het nuwe waarde gekry (is as't ware herontdek) en spoor die gemeente aan op 'n pad van getuienisse en onderlinge hulpbetoon.	Wat die gemeente aanbetref, word dit raakgesien in die veranderinge in mense se lewens wat reeds plaasgevind het bv. 'n nuwe gesindheid van liefde, betrokkenheid by mekaar en samewerking in die gemeente. Die uitkoms t.o.v. reën wat reeds geval het, het groot dankbaarheid jeens ons Hemelse Vader gewek. Getuienisse van lidmate en ander persone t.o.v. Uitredding, hulp, herstel en daaglikse versorging asook die feit dat mense se lewens radikaal verander en vernuwe is, bewys maar net dat God aan die werk is - en niemand kan Hom keer nie.	Die mense wat op ons harte lê, is terminaal siekes en behoeftige mense wat in armoede lewe. Ook ongekerstendes wat nog nie die Evangelie gehoor het nie.	Om as relatief klein gemeente goed te funksioneer, saam te werk en onderling betrokke te wees.	

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Oos-Londen	Buffelsrivier	Daar het in die afgelope jaar industrialisasie rondom of op die kante van die groot woonarea van die gemeente gekom. Maar weens die wêreldwye ekonomiese insinking het baie besighede tot stilstand gekom of terug gesny op hulle werksaamhede. Binne woonareas is daar redelike stabiliteit maar die plakkersareas het ook toegeneem in grote.	Die gemeente is in 'n samewerkingsooreenkoms met die NG Gemeente De Brug en die uitdaging is om met hierdie gemeente beter saam te werk en nader aan mekaar te groei sodat daar 'n groter eenheid tussen die twee gemeentes tot stand kan kom. Die gemeente staan ook voor die uitdaging om binne haar gemeenskap kerk van Christus te wees. Talle kerklidmate het kerkloos en kerkloos geword en die uitdaging is om effektief na hierdie mense uit te reik. Daar is ook die uitdaging om aan die behoeftes van jonger lidmate te voorsien. Die uitdaging is om ook hulle binne die gemeente meer effektief in te trek en te bedien. Die uitdaging is ook om die jonggetroude groep en die senior lidmate so te bedien dat hulle, hulle rol in die gemeenskap kan vervul.	Leiers en lidmate het 'n ongelooflike energie om om te sien na hulle naastes, na hulle wyksmense, na siekes en die wat swaar kry. Die gemeente geniet dit om te sosialiseer en gemeente byeenkomste word goed bygewoon. Kerkraadslede en ander leiers is entoesiasies oor hulle "kuddes" waaroor hulle aangestel is.	Die gemeente word daarvan bewus gemaak dat hulle 'n rol en 'n taak en 'n roeping het om Christen te wees in die dinge wat rondom hulle gebeur. Deur die prediking, deur die take en behoeftes wat bekend gemaak word, word die uitdagings voor die gemeente gebring. Gebrek aan finansies plaas 'n demper op die vermoë van die gemeente om by alles uit te kom, dus fokus die gemeente op daardie dinge waarby sy kan kom. Die gemeente word finansieël gehelp deur die samewerkingsooreenkoms tussen die twee gemeentes.	Elke groep wat oor ons pad kom en waarvoor die gemeente 'n bydrae kan lewer om hulle te bedien op watter manier ookal, hulle is die mense waarheen die Here ons stuur. Daar is 'n fokus om aandag aan ons jongmense te gee en daar is ook 'n sterk bediening aan ons seniors. Daar is ook 'n uitreik na die plaaslike plakkersgemeenskap d.m.v. barmhartigheds- en sendingwerk.	Weens die siekte van die vorige predikant, moes die kerkleiers uitspring en help met die prediking, die leiding van vergaderinge en die algemene funksionering van die gemeente. Die bemagtiging van die lidmate om liggaam van Christus te wees, is 'n positiewe pluspunt wat elders in die kerk gevolg kan word.	Die gemeente is in 'n proses van samewerking met die gemeente De Brug en dit is nie aldag so positief nie. Ek dink dat die kerverband ons miskien kan help om hierdie proses aan te help en watter slaggate te vermy op pad na samewerking en moontlike eenwording.
Oos-Londen	Cambridge	-	Klein gemeente wat grense oorsteek. Bediening aan buite kerklike kinders en gesinne doen. 'n Voedingskema en huiswerk fasiliteit te skep waar minderbevoorregte kinders gevoed word en rekenaar toegang het vir navorsing en take. ± 50 - 65 kinders kom elke dag. Finansiële uitdaging is baie groot.	Kerkraad: Net geestelike vergader in Seisoen van hulle. Bediening: Getuiesaksie by Uitreike na Mosambiek en kinderprojek. Jeug: Bediening aan 50+ kinders van nie-kerklike mense. Gesinskamp. Vrouediens (Aksie Martha) wat opbouende funksies aanbied en gerig is op die vrou. Finansies: Alternatiewe fondsinsamelingsprogings	Die gemeente is klein en onbeduidend. God se werksaamheid is elke dag sigbaar in die gemeente. Ring wou die gemeente 7 jaar gelede laat inskakel by ander gemeentes. Ons gaan steeds van krag tot krag in die sfeer van God se genade. Ons beleef glad nie dat ons 'n terminale gemeente is nie. Ons lewe deur God se genade.	Buite Kerklikes in ons gemeenskap. Na Mosambiek moet ons 'n Bybelskool in Masin bedien met werkskampe.	Ons het nie net geld nodig om in te val by God se werk nie, God voorsien. Hy vra net gehoorsaamheid.	Beter bestuur van Ringsprojekte. As een gemeente nie sy Sinodale bydraes kan betaal nie moet projekgeld van 'n spesifieke gemeente nie gevat word om in die gemeente wat om watter redes ookal nie sy deel kan bydra nie. Hierdie jaar het ons gehelp waar ons kon waar twee gemeentes hulp nodig gehad het. 'n Ander gemeente het niks gevra nie, maar ook nie bygedra nie.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Oos-Londen	De Brug	Die woonareas word toenemend ingeneem deur besighede en die grootste wyk is vandag die mense wat van buite die "grense" van die gemeente die gemeente besoek. Daar is ook 'n merkbare inkom van B&B's en ander Gasvryheidshuise met die oog op 2010. Studente behuising het ook in Quigney, talle lidmate uit die gemeente forseer. Daar is talle bouprojekte van hotelle aan die gang. In Wesbank staan ekonomiese ontwikkeling stil.	Die gemeente is in 'n samewerkingssooreenkoms met die NG Gemeente Buffelsrivier en die uitdaging is om met hierdie gemeente beter saam te werk en nader aan mekaar te groei sodat daar 'n groter eenheid tussen die twee gemeentes tot stand kan kom. Die gemeente staan ook voor die uitdaging om binne haar gemeenskap kerk van Christus te wees. Talle kerklidmate het kerkloos en kerkloos geword en die uitdaging is om effektief na hierdie mense uit te reik. Daar is ook die uitdaging om aan die behoeftes van jonger lidmate te voorsien. Die uitdaging is om ook hulle binne die gemeente meer effektief in te trek en te bedien. Daar is redelike armoede en werkloosheid binne die gemeenskap, daar bestaan nie 'n Tehuis vir bejaardes in Wesbank nie en die uitdaging is om na hulle om te sien. Op die hawe is daar 'n sendingveld vir die seemanne wat die Oos-Londense Hawe besoek.	Leiers en lidmate het 'n ongelooflike energie om om te sien na hulle naastes, na hulle wyksmense, na siekes en die wat swaar kry. Die gemeente geniet dit om te sosialiseer en gemeente byeenkomste word goed bygewoon. Die gemeente is klein genoeg dat almal mekaar kan ken en dit is goed om te sien hoe mense mekaar groet en na mekaar uitvra tydens eredienste en ander geleenthede.	Die gemeente word daarvan bewus gemaak dat hulle 'n rol en 'n taak en 'n roeping het om Christen te wees in die dinge wat rondom hulle gebeur. Deur die prediking, deur die take en behoeftes wat bekend gemaak word, word die uitdagings voor die gemeente gebring. Gebrek aan finansies plaas 'n demper op die vermoë van die gemeente om by alles uit te kom, dus fokus die gemeente op daardie dinge waarby sy kan kom. Die gemeente word finansiële gehelp deur die samewerkingssooreenkoms tussen die twee gemeentes en deur 'n ander gemeente wat haar maandeliks ondersteun.	Elke groep wat oor ons pad kom en waarvoor die gemeente 'n bydrae kan lewer om hulle te bedien op watter manier ookal, hulle is die mense waarheen die Here ons stuur. Daar is 'n fokus om aandag aan ons jongmense te gee en daar is ook 'n sterk bediening aan ons seniors. Daar is ook 'n uitreik na die plaaslike plakkersgemeenskap d.m.v. barmhartigheids en sendingwerk.	Daar is 'n besonderse hartlikheid en toeganklikheid onder lidmate wat aansteeklik is. Die gemeente se warmte is 'n aantrekkingskrag in die gemeenskap.	Die gemeente is in 'n proses van samewerking met die gemeente Buffelsrivier en dit is nie aldag so positief nie. Ek dink dat die kerkverband ons miskien kan help om hierdie proses aan te help en watter slaggate te vermy op pad na samewerking en moontlike eenwording.
Oos-Londen	Gonubie	Verhoogde Misdaad; Nuwe Hoërskool; Besoedelde strande; Droogte; Voedingskema agv ekonomiese toestand; Ekonomiese inkortings veroorsaak werkloosheid en gemeente sorg onderling vir werksgeleenthede.	Om te wees wat God wil hê hier waar Hy ons geplaas het. Bou van geloofsgemeenskap.	Eredienste groei. Elke lidmaat leef in sy/haar verhouding met God daar waar God hulle geplaas het. Elke lidmaat snap dat hulle deel vorm van 'n geloofsgemeenskap en wat vanuit hulle verhouding met God leef, werk, sorg, omgee, dien en koers gee.	In misdade en werkloosheid, korrupsie sien ons die weg van satan EN ons uitdaging is nie om deur die stroom meegeleer te word nie. God se kinders te wees is ons uitdaging.	Ons is waar die Here ons geplaas het en is hier gehoorsaam aan Hom.	LIEFDE	-

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Oos-Londen	King William's Town	Ons gemeenskapslewe word sterk beïnvloed deur die aanwesigheid en werksaamhede van die verskillende staatsdepartemente wat gesetel is in Bisho sowel as King William's Town. Die verskuiwing van die S.A. Polisie se opleidingsentrum na ons dorp het 'n positiewe uitwerking op ons gemeentlike lewe aangesien baie van die lede N.G. Lidmate is wat 'n groot positiewe bydrae lewe. Die swak ekonomiese omstandighede het steeds 'n groot negatiewe uitwerking op die gemeenskap t.o.v. Werkloosheid en armoede.	Die kerkraad verbind hom steeds tot die liefdevolle versorging van sy lidmate en onderlinge deel van lief en leed in die gemeente. Dier Kerkraad plaas steeds 'n hoë primie op kerk bywoning van alle lidmate waar gesinne steeds gevoed kan word vir hul lewensbehoefes. Hiermee saam moet gesinne d.m.v. Wyksvyeenkomste en huisbesoek bedien word. Daar word daadwerklik hande uitgesteek na armoede en hongersnood in ons omgewing. Projekte saam het skole en gemeenskapsleiers word aangepak. Hiermee saam word die evangelie bedien waar moontlik in hospitale, gevangenis en polisiekantore.	'n Uiters effektiewe en gemotiveerde kerkraad neem die leiding op alle gebiede van gemeentelike sowel as gemeenskapbediening en dienste. Lidmate is saam met die kerkraad met passie besig om liefde en betrokkenheid in die gemeente en gemeenskap te bevorder.	Die leiding van die Heilige Gees en die saambindende liefde waarmee Hy die kerkraad en gemeente bind, maak ons uiters dankbaar en sensitief om waar te neem met hoeveel krag Hy dit by bykans alle lidmate na vore bring. Die Gemeente ervaar God se teenwoordigheid en regering in hul daaglikse lewe en glo steeds dat Hy ten volle in beheer is. Daarom is daar 'n positiwiteit t.o.v. die toekoms in alle fasette van die samelewing. Die gemeente is positief dat God in beheer is, al woed die helse magte soms!	Die gemeente raak al meer betrokke by noodlydendes. Daar is byvoorbeeld baie goeie samewerking met een van ons hoërskole waar 'n voedselverskaffingsprojek geïnisieer is. Die gemeente se barmhartigheidskommissie is besig met 'n voedsel, klere en kombesprojek vir alle noodlydendes waarvan hulle bewus word. Daar word tans onderhandel met S.A.P. Hoort vir die verspreiding van evangelie onder korttermyn aangehoudenis. 'n Ander groep is besig om die evangelie in hospitale te bring.	Die Bybelse opdrag dat 'n gemeente van Jesus bedien moet word deur "Ouderlinge en Diakens" wat maane en vroue van hoë geestelike pyl moet wees bly die grondslag. 'n Sterk gesinsgerigte bediening waar ruimte vir almal geskep en gekoester word bly primêr. 'n Bediening gevul met die liefde van Christus sonder die aansien van persoon of status werk in ons gemeente.	Ons benodig die ondersteuning in ons hoor en soek na die leiding van die Heilige Gees vir ons gemeente. Ons soek na onderhandelbare standpunte t.o.v. sekere kern skrifbeskouings. Lidmate en die kerkraad word soms verward deur uitsprake oor die kern van ons geloof byvoorbeeld debatte en besprekings oor die liggaamlike opstanding van Jesus. Weens die eiesoortige bedieningsbehoefes van elke plattelandse gemeente soek ons na begrip dat dit nie altyd moontlik is vir leraars en die kerkraad om alle verlangende teenwoordigheid en deelname van Rings en Sinodale aangeleenthede te bied nie.
Oos-Londen	Nahoon	Droogte. Werksverliese - Al hoe meer lidmate klop aan om hulp.	Die PLAN. Jeug Betrokkenheid.	Herlewing en die PLAN.	"Goodwill" t.o.v. die Kerk	-	Offervardigheid	Ondersteuning bv. Belydenis van Belhar.
Oos-Londen	Oos-Londen	Daar het 'n uitvloeï van lidmate uit die middestad uit na die voorstede plaasgevind. Derhalwe is daar al hoe minder wooneenhede in die middestad en mer-en-meer besighede.	'n Groeiende lidmatetal wat effektief bedien moet word.	Musiekbediening, Eredienste, Vrouebediening, Jeugselgroepe, Tee na erediens en Kamp	Mense word buite die gemeente bedien en ontdek dan dat God vir hulle 'n geestelike tuisgevoel binne ons geloofsgemeenskap (gemeente). Hier vind hulle 'n plek waar God hulle gawes gebruik om sy koninkryk op te bou. Hierdie lidmate word dan weer uitgestuur om God se liefde 'n werklikheid te maak in hul leefwêreld. Ons sien God in hierdie opbou en uitbou van ons geloofsgemeenskap.	Mense in die gevangenis. Vroue van die gemeenskap. Werkende jongmense wat alleen is in Oos-Londen. Buite kerklike mense.	Die aanbieding van Jeugdienste Vrouebediening Musiek- en kunsbediening	Kleingroepe effektief bedien, maar volgens eiesoortige konteks van gemeente.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Oos-Londen	Oos-Londen Noord	Dit wil voorkom asof dit baie moeiliker daaraan toegaan as vyf - tien jaar gelede. Die gevolg is dat baie mense na allerhande strooihalms gryp. Die kerk blyk een van die strooihalms te wees, eerder as 'n vaste anker in tye van voor en teëspoed. Die gevolg is dat die indruk geskep word dat die gemiddelde persoon dink dat hy/sy nie meer vir God nodig het nie. Dit lei sy beurt weer daartoe dat mense hulle omgee vir die gemeenskap verloor het. Misdaad raak niemand eintlik meer nie omdat dit so alledaags geword het dat niemand meer regtig omgee wat met die persoon langs hom/haar gebeur nie. Waar dit in die verlede so was dat gesinne saam kerk toe gekom het, het gesinne nou uitmekaar gespat en bly slegs enkelinge of pare in die gesin oor. Daar is dus nie meer daardie samehorigheidsgevoel wat vroeër die kerk gekenmerk het nie, en baie lidmate ken mekaar nie eens nie.	Dikwels is die planne wat ons maak bloot menslike planne waarin die Here geen rol meer te speel het nie. Die rede hiervoor is baie dikwels geleë daarin dat die gemiddelde persoon doodge woon net nie meer die Here ken en met Hom rekening hou nie. Die erediensbywoning neem af eerder as dat dit opgaan. Dikwels vind die ouer mense dit moeilik om die eredienste by te woon. Die gemeente word dus uitgedaag om toe te sien dat daardie mense vir wie dit moeilik of onmoontlik is vanweë omstandighede om die eredienste by te woon, bedien word met die Evangelie. Die gemeente se getalle het oor die afgelope twee jaar aansienlik gekrimp, ongeveer 80 lidmate minder as twee jaar gelede. Die meeste van hierdie lidmate is oorlede en daar is nie meer 'n invloed van lidmate soos in die verlede nie. Daar is te veel NG Gemeentes in die stad. Dit veroorsaak dat byna al die gemeentes finansieel sukkel terwyl samewerkingsmodelle die oplossing vir baie van die gemeentes kan wees. Dit blyk 'n groot uitdaging te wees omdat baie lidmate nog emosioneel verbonde is aan die bestaan van afsonderlike gemeentes waarmee hulle hulleself kan assosieer.	Een van die mees energerende faktore in die gemeente is die positiewe gesindheid wat daar uit die gemeentelede straal. Daar is 'n besondere samehorigheidsgevoel in die gemeente. Die gedagte dat ons nie as gemeente een keer per week byeen kom en dat ons gemeentewees daarmee afgehandel is nie. Maar die sterk klem wat op die erediens van die lewe gelê word, skep baie energie in die gemeente. Die kleingroepe is energerend van aard en bou lidmate se geloof in die Here baie sterk op. Die AW Barnes projek was in die afgelope 18 maande seker die mees energerende uitreik in die gemeente. Gemeentelede gee maklik geld en middele om die projek te laat groei tot waar dit nou is.	Alhoewel daar baie onbetrokke lidmate is wat vir God in niks meer sien nie, is die grootste gedeelte van die gemeente bewus van God se handelinge in alles wat ons doen en wat met ons gebeur.	In terme van die kerntekste uit Luk 10:1 - 16 waarmee ons die afgelope jaar geloofsonderskeidend na God, mekaar en die wêreld geluister het, stuur die Here ons in die eerste plek na die mense in ons onmiddellike omgewing wat nie die Here dien nie. Dit sluit sowel die onbetrokke lidmate as diene in die gemeenskap wat ons sorg en liefde nodig het, in. Die honger kinders van AW Barnes is een van die besondere projekte waarmee die Here ons gemeente geseën het. Die Canzibe projek wat al vir baie jare in die gemeente bestaan moet voortgaan, selfs al is Ds W Stadler nie meer daar nie. Dit sou nogal 'n skande wees as die Canzibe projek nie oor die sending in Transkei nie, maar oor die individu van Ds Stadler gegaan het, soos wat die indruk nou ontstaan.	Elke gemeente het sy eie projekte en spiritualiteit. Ons spiritualiteit is tradisioneel gereformeerd wat by ons lidmate pas. Ons gemeente is egter bereid om die grense wat tradisioneel tussen ons en die ander gemeenskappe bestaan het, oor te steek en diene in die minder bevoorregte gemeenskappe in te trek en te bedien.	Ons het van die kerkverband nodig om te verstaan dat grense tussen mens en mens en tussen kerk en kerk al vaer moet word totdat dit later heeltemal verdwyn.
Oos-Londen	Oos-Londen Wesheuwels	Geen noemenswaardige verskuiwings nie.	Om steeds Jesus se Goeie Nuus op 'n aktuele manier oor te dra.	Die warm gees in die gemeente onder lidmate asook die omgegroepe.	God is op 'n "wonderlike" manier in ons gemeente aan die werk op 'n wye verskeidenheid van maniere.	Die hoërskoolleerlinge wat ons saam met ander gemeentes d.m.v. 'n Bybelonderwyser bedien. Ons bereik ook mense van alle groepe deur Bybels verniet weg te gee. Verlede jaar het ons Bybels ter waarde van R24,000-00 beskikbaar gestel in Afrikaans, Xhosa en Suid-Sotho.	Opregte warmte in ons gemeente.	N.v.t.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Port Elizabeth	Kensington	Die 2010 Sokker stadion nader voltooiing. Veiligheid om die kerk raak 'n groter probleem.	Groter gemeenskap betrokkenheid te genereer. Finansiële ondersteuning aan gemeentede asook voorsiening van voedsel pakkies. Kriminele aktiwiteite. Gemeenskap kry swaar, daarom wil ons diens lewer aan die gemeenskap in alle fasette. Om ons visie en missie 'n werklikheid te maak! Om in Jesus se voetspore te volg en die gemeente dissipels van die Here te maak en die gemeenskap te bereik wat God aan ons opgedra het.	Pastorale hulp is baie entoesiasies in alles wat hy doen. Diens van Barmhartigheid (Noodspens). Week van Gebed. Heilige Week. Pinksterbidure, Kerssangdiens, Fondsinsamelings en saam kuier geleenthede in kerksaal.	Groot seën op ons fondsinsamelings. 'n Toename in aantal kerksaalslede. Kinderkerk word baie goed bygewoon (Veelrassig). 'n Pastorale hulp wat toelaat dat God hom gebruik!	Bejaardes, werkloos en jongmense.	Hoe hoop en gebed 'n klein arm gemeente aan die gang kan hou. Dat 'n interessante kinderkerk ook ouers in die kerk kry. Wonderlike samewerking! Lojaliteit.	Ons benodig getroue voorbidding. Ondersteuning vir ons fondsinsamelings.
Port Elizabeth	Parkheuvel	Die demografiese verskuiwing mbt kulturele groepe gaan voort. Vanjaar het die aantal ander-kleuriges lidmate se kerklike meelewing gegroei. 6 gesinne is verwelkom en ten volle ingeskakel. 3 is as nuwe lidmate aangeneem. 3 is gedoop.	Veroudering van jarelange en getroue lidmate. Voortsetting van die groei in ander-kleurige lidmate. Krimpemde kategese en die hantering van enkele kinders in klasse. Voortbestaan as selfstandige gemeente vir solank moontlik.	Meelewing aan kerklike funksies. Erediens bywoning met verrassende aandopkomste. Gebed en geestelike verdieping. Konstante en meelewende ondersteuning van mekaar.	God se genade is enorme in die voortbestaansdrang van die gemeente. Die gemeente aanvaar God se leiding in hulle persoonlike lewe met oorgawe (bv. beskerming teen misdaad). God is kleurblind want hy red sy kinders orals.	Die gemeente se gemeenskapsdiens dmv Dolly Vermaak (ACVV Hulpentrum) is georganiseerd, gereeld, omvattend en ywerig. Deur die dienste word armes, verslaafdes, eensames en oumense in die Holland Park en Schauderville gemeenskappe bereik. Die bestuurslede is feitlik almal Parkheuvel lidmate.	Kerkhereniging begin nie by gesprekke nie maar by meelewing van mense. Fokus op die Kon. Van God, besoek van lidmate, preek en bid duidelik en oorlewing is nie meer 'n probleem nie.	Ondersteuning en duidelike leierskap, omdat slegs so die kerk en sy gemeentes die Kon. van God kan help vestig. Sterk uitsprake oor kontroversionele sake o.a. Homoseksualiteit ens.
Port Elizabeth	PE-De Duin	Ontvolking, toeneem van gastehuse - dus al minder permanente inwoners en gesinne. Ander kultuurgroepe. Die strandfrontarea. Kerngroep verander. Groeiende wyke buite gemeentegrense.	Gastehuse bedien - bv dmv uitnodigings of inligting rakende die verskillende denominasies in die buurt. Uirteik na gastehuis-eienaars. Ons gemeenskapdiens versterk en toeganklik maak vir ander groepe. Gasvryheidsbediening - nuwe intrekke in omgewing tuis laat voel ongeag hul voorkeur rakende 'n spesifieke denominasie. Versorging van bejaardes en hulpbehoewendes.	Warmte by eredienste. Passie om vorentoe te beweeg. Geleenthede in gemeente en omgewing wat ontgin kan word - veral wat die jeug aanbetref.	Prediking tydens eredienste. God wat voorsien en mense op ons pad stuur. Getuiedenis van lidmate oor gebedsverhoring en hul ervaring van God tydens krisisse, maar ook in alledaagse vreugdes, handel en wandel.	Bediening by Protea en Maranatha-kindens, gemeenskapsdiens Sondagaande oor alle grense, enkellopendes, bejaardes en werkloos.	Koninkryksvisie. Openheid en gasvryheid. Samewerking met ander denominasies. Deel ons fasiliteit met twee ander denominasies. Geboue tot beskikking van buite-kerklike groepe vir vergaderings, troues en begrafnisse.	Leierskap Hulpbronne Finansies 'n Bussie

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Port Elizabeth	PE-Hoogland	Besighede het in die nabye omgewing oopgemaak met die sakesentrum wat in die rigting beweeg. Winkelsentrums is opgerig en paaië is verbreed. Woonhuise is platgeslaan om plek in te ruim vir verdere kommersiële ontwikkeling. Woonbuurte ontwikkel ook in die welgestelde deel van die buurt, waarvan sekuriteitskomplekse ook deel is. Huisinbrake het toegeneem met gepaardgaande geweld.	Om steeds meer op die leiding van die Here te vertrou vir die vorming van mense om Hom in die wêreld rondom ons raak te sien en te hoor hoe en waar Hy ons uitnooi om by Hom aan te sluit. Ons uitdaging om van 'n instandhoudingsgemeente na 'n gestuurde gemeente te transformeer. Gasvrye en inklusiewe eredienste, die vorming van Bybelse dissipels en afhanklikheid van die Here en gebed is ons drie groot uitdagings.	Gasvrye eredienste. Kleingroepe vir die ontwikkeling / vorming van dissipels en omgee vir mekaar. Die manier waarop besluite geneem word - deur 'n proses van geestelike onderskeiding. Die manier waarop die Here lidmate in hulle daaglikse lewens gebruik (waarvan ons baie stories hoor) in betrokkenheid by die nood van mense. Ons het baie jong lidmate wat ons voortdurend uitdaag om op 'n nuwe manier kerk te wees.	Ons sien God raak in die gewone dinge, waar mense oor ons pad gestuur word, waar ons in konfliktsituasies beland, waar mense stories vertel van gebeurte in hulle gewone lewens. Ons beleef God ontmoet ons waar ons kontak met noodlydendes het. Ons beleef God waar ons al hoe meer mense ontmoet wat met hulle geloof worstel, of selfs niks met die kerk te doen wil hê nie.	Noodlydendes - alle vorme in ons daaglikse lewe - waar ons werk en beweeg. Jongmense - daar is talle jongmense wat skepties is oor die kerk, maar tog 'n behoefte aan God het.	Ons pad van transformasie van 'n instandhouding na 'n gestuurde gemeente. Die manier waarop geestelike onderskeiding gebruik word in besluitneming.	Effektiewe aanwending van personeel in 'n gestuurde konteks. Wegbreekessies vir personeel en toerusting in gestuurdheid.
Port Elizabeth	PE-Moederergemeente	Moedergemeente met 'n beduidende getal bejaardes krimp drasties, veral die afgelope jaar waar ons bykans weekliks begrafnis hou. Die demografie vertoon die gemeenskap as hoofsaaklik Engelssprekend en nie-blank met weinig belangstelling in 'n oorwegend blank en afrikaanse gemeente. Ons ervaar egter meelewing van die kinders van die omgewing by jeugbyeenkomste waar kleur en geur geen gewig dra nie. Die wêreldwye resessie het ook 'n sekere impak op die omgewing met baie werkloosheid en armoede. Interessant dat mense soms kies om in haglike omstandighede te leef eerder as om 'n kans aan te gryp om bv by Vistaruss 'n hupstoot te kry. Dikwels bly mense tot soveel as 4 en 6 in 1 kamer. Baie inwoners in Noordeinde is nie-Suid-Afrikaners. Prostitusie en dwelmhandel is onses insiens buite beheer met weinig amptelike optrede daaromtrent. Ons kinders in die straat word eerstehands met tik en dagga konfronteer.	Al bogenoemde aspekte is verseker uitdagings aan die gemeente. 'n Sopkombuis op Woensdae en Donderdae help so bietjie met grondvlak armoede en honger waartydens die evangelie ook gebring word.	Die omgee- en warmte karakter van die mense in die gemeente skep energie met die kombuis en geriewe wat voortdurend gebruik word vir projekte beide in die gemeente en gemeenskap. Vir lidmate word gebalanseerde maaltye teen minimale fooi aangebied waar veral enkelinge kan eet aan kos wat hulle nooit self sal voorberei nie. 'n Maandelikse Vriendekring - byeenkoms (vir so 50+) word goed ondersteun met verskeie aktuele sake wat aandag kry.	Ons het God verlede week raakgesien toe 40 maaltye by die sopkombuis voorberei is vir mense van die straat en 39 opgedaag het. Ons sien God ook raak in die bereidwilligheid van mense om betrokke te wees in uitreik en omgee teenoor ander.	Watter groep mense of gemeenskap is daar in julle omgewing wat die Here op julle hart druk? Dit is mense wat tans nog nie spesifiek deel van julle gemeente vorm nie. Bv: jongmense, noodlydendes, verlaafdes, enkelouers, vroue, gevangenes. Die groepe in die omgewing (soos reeds genoem) is ongetwyfeld die mense na wie ons gemeente gestuur word. Hier kan ons nog die bejaardes by 'n tehuis vir bejaardes (Mothwa Haven) byvoeg.	Miskien die onderlinge hartlikheid en Christelike warmte wat binne die gemeente bestaan, wat lei tot 'n koesterende gemeenskap van gelowiges.	-

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Port Elizabeth	PE-Oos	Niks noemenswaardig nie.	Om die bedienings in vol voor te sit sonder om net finansiël te wil oorleef.	Die kleinhuislike atmosfeer in die gemeente. Daar is tans baie positiewe energie in die gemeente.	Dat ons finansiël steeds na 13 jaar as tentmakerbedieningoorleef, maar veral dat daar so positiewe atmosfeer, onder lidmate is.	Bejaardes, armes en noodlydendes.	Dat getalle nie belangrik is om 'n gemeente te wees nie.	Begrip dat die tentmaker leraar nie altyd ten volle by die sinodale / rings werksaamhede kan inskakel nie.
Port Elizabeth	PE-Sentraal	Sien asb die multikulturele verslag.	Sien asb die multikulturele verslag.	Sien asb die multikulturele verslag.	Sien asb die multikulturele verslag.	Sien asb die multikulturele verslag.	Sien asb die multikulturele verslag.	Sien asb die multikulturele verslag.
Port Elizabeth	Somerstrand	Invloei van swart studente. Eerste groot Hotel in Somerstrand. Die Casino-storie. Omgewing het onveilig geword. Baie sportaanbiedinge. Die karakter het verander van 'n tradisionele omgewing na 'n omgewing met baie gastehuse en studente-akkommodasie. Groot fokus op toerisme. Taxi's raak lewensgevaarlik en baie irriterend. Die motorbedryf - ekonomie - korter werksweke - veroorsaak ook gesinsspanning, raak interpersoonlik en daar is onsekerheid. Demografie - skole begin verander.	Moontlikheid dat Klema skuif na 'n Hotel (publieke spasie) om bediening van die Woord vir die publiek moontlik te maak. Om geweld te bestry deur middel van 'n buurtwag inwerking te stel soos by Kraggakamma en Kameeldrift. Predikante-fraternaal, en die Police Beachfront forum bespreek ook moontlike aksieplanne. Geraas in woonbuurt. Maatskaplike nood - hulp vir die publek beskikbaar. Op interpersoonlike vlak is daar ook baie behoefte.	Omgee vir mekaar het 'n nuwe vlak bereik deur middel van die kleingroepe. Woensdagaande se Didage-programme is 'n bron van energie. Bejaardes - Klub 65 werk baie goed. Belangstelling by studente om betrokke te raak by jeugaktiwiteite. Gemeentebrief word meer gelees - kommunikasie. Webtuistes werk goed. Belangstelling in die Gemeente se werk. Besoekspan ongeveer 30 mense. Kindertyd - bron van energie. Geseënd met die woordverkondiging. Kleingroepe vloei oor na ander aksies.	Gebed oor 'n hele paar jaar (selgroepe bid vir gesindheidsverandering) die gebede word verhoor. God balanseer ons uitdagings met ons vermoëns - God is deel van die dinamiek. Gemeente hier is en hier funksioneer - Gemeente bestaan, 'n model is ontwikkel. Nuwe strukture is ontwikkel en dit werk: die Bestuursraad, Bedieningsraad en die Ouderlingeraad. Didage. Afrika spoel oor ons grense.	Van Families na 'n impak op die gemeenskap. Die mense wat in ons agterplase bly bv. met Bybels (Xhosa) te bereik.	Kyk na die Webblad as hulpbron. Dissipelskap van Deon. Struktuurontwikkeling	Jeug kontak oor bediening en nuwe goed. Engelse Bybels.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Port Elizabeth	Walmer	Woonhuise word omskep in besighede. Komplekse word gebou en inwoners is nie Afrikaanssprekend nie. Baie lidmate is nou bejaardes.	Lidmaatgetal behoort te groei. Kerk moet tred hou met moderne samelewing. Effektiewe bereiking deur ouderlinge in ons wyke. Om lidmate te besoek weens sekuriteit maatreëls is moeilik. Ouderlinge moet in hul woonarea geplaas word.	Omgee-groepe; Bybelstudie-groepe; Eredienste; Voedselprojek; Krieketstalletjie; Koffiekring	God het ons alles gegee om te lewe en te doen, die Here loop voor en ons volg. Ons gemeente funksioneer soos 'n groot familie wat mekaar se laste dra en omgee.	Gemeente hoor die nood op noodlydendes, soos Lukas ons leer. Noodlydendes: - verskaf voedsel/klere aan instansies en individue. Professionele lidmate verrig dienste sonder enige vergoeding. Jeug: Laerskool Setlaarspark - toerusting en geriewe word beskikbaar gestel. MTR Smit Kinderhuis - voorsien in hul behoeftes - sportskoene/klere/sakgeld, instandhouding in huis No 6 - kombuiskaste, sitkamerstel, ens. Lidmate: - leraar doen intensiewe huisbesoek om passie en behoeftes te bepaal.	Hou 'n koffiekroeg na eredienste vir lidmate - bevorder samesyn en kennismaking. Krieketstalletjie - beplanning en bestuur van aankope en verkope op groot skaal. Kerksentrum en toerusting - beskikbaar stel vir Christelike organisasies.	Op hierdie stadium bestaan daar geen behoefte, ons wil graag fokus op genoemde aktiwiteite.
Port Elizabeth - Wes	PE-Heideveld	Daar vind heelwat ontwikkeling plaas - wooneenhede en selfs fabriek word opgerig. Verskeie komplekse word gebou en dit is 'n uitdaging aangesien heelwat wisseling van gesinne dikwels 'n tendens is wat die bediening bemoelilik. Daar is heelwat meer mense wat erg geraak word deur die ekonomiese resessie (mense verloor hul werk of hul inkomste krimp). In ander gemeenskappe in die omgewing waar die gemeente werk, is daar groter nood as voorheen as gevolg van werkloosheid.	Die opsporing en bediening aan lidmate in nuwe komplekse. Om lidmate wat in nood verkeer te ondersteun deur bv as tussenganger op te tree tussen lidmate wat werk het wat gedoen moet word in aanraking te bring met lidmate wat nie werk het nie om hulle sodoende finansiële te kan bystaan en versorg. Die werwing van meer kerkraadslede. Om betrokkenheid by gemeente-aktiwiteite, kerkbywoning en samewerking te bevorder.	Om uit te reik as gestuurdes om hulp te verleen aan minder bevoorregtes selfs buite ons gemeente grense. Om lidmate in te skakel by aksies waar hul talente en gewes aangewend word en gerig is op die verkondiging van Christus.	God sorg, ten spyte van die resessie, op wonderbaarlike wyse vir die gemeente. God maak deure oop en laat ons geleenthede sien en voorsien die middele en lidmate om deel te neem aan aksies en om dit te hanteer. Ons ervaar Sy seën met al hoe meer instansies wat aansluit en hulp verleen wat tot gevolg het dat netwerke groei. God voorsien die krag en genade vir ons daaglikse lewe sodat ons kan voortgaan met ons dagtaak. Ons is opgewonde want ons ervaar hoeveel gemeentelede vir mekaar omgee.	Noodlydendes - kinders en volwassenes in gemeenskap naby gemeente. Gevangenis - 'n lidmaat bedien vroue in die een gevangenis. Babas - 'n bediening wat gerig is op babas wat gebore word met een of meer ouers wat baie behoefte is en nie die kinders kan klee of versorg nie. Siekes - binne gemeentegrense sowel as by kankersaal by Provinsiale Hospitaal. Bejaardes wat nie meer eredienste kan bywoon nie. Lidmate wat, as gevolg van omstandighede, hul rug op die kerk keer.	Dat God deure oopmaak en gehoorsaamheid seën wanneer ons betrokke raak by die wêreld deurdat ons Sy liefde en barmhartigheid wil uitdra. Almal word met liefde en vriendelikheid ontvang.	Ons sou 'n groter en sterker teenwoordigheid in die wêreld kan hê as die kerkverband wou aansluit en saamwerk aan van die bediening. Groter begrip wanneer besluite geneem word - raadpleeg eers lidmate op grondvlak en neem daarna groot besluite.
Port Elizabeth - Wes	PE-Nooitgedacht	Ouer lidmate trek of sterf. Nuwe uitbreidings, trek ander kleuriges of mense van ander kerke in. Die samestelling van die omgewing is besig om te verander. Gemiddelde ouderdom van lidmate is al hoe hoër. Ouderdom van afgetrede lidmate dui daarop dat die inkomste van die gemeente afneem.	Om in die nuwe omgewing kerk te wees. Die mense word meer, maar die gemeente krimp. Die gemeente sal 'n gemeenskapskerk in sy ontwikkeling in gedagte moet hou. Dit skep nuwe uitdagings en nuwe begrip oor kerk te wees by sowel kerkraadslede en gemeentelede.	* Spesiale programme, soos 40 Dae Doelgerigte Lewe, het energie losgemaak. * Sosiale byeenkomste soos gemeente-etes * Kinderkerke skep energie * Eredienste skep energie * Dinsdae-aande jeuggroep	God het nuwe mense in die omgewing geplaas. Skool is 'n geleentheid. Erken God in ons eredienste. Kleingroepbyeenkomste skep energie bv. 40 Dae Doelgerigte Lewe. Van die gemeentebediening skep energie bv. Gebedsketting, siekesorg.	Gemeente is gestuur na die nuwe mense wat in die gemeente intrek en die skool wat nuwe kinders en ouers bring.	Die implimentering en uitvoering van 40 Dae Doelgerigte Lewe.	Die verandering van tradisionele kerk na gemeenskapkerk.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Port Elizabeth- Wes	PE-Sherwood	* Misdaad neem geweldig toe - traumatiëse invloed - vernaamlik op ouer mense. * Plakkerskampe * Behoefte aan 'n Gereformeerde Engelse Kerk in die omgewing	* Beroep van 'n tweede leraar. * Onbetrokkenheid - vakature op kerkraad. * Moontlike verandering van strukture. * Samewerking tussen kerk en aftree- oord.	* Geweldig groei in Jeugaktiwiteite en kerkbywoning. * Aanddienste * Gesin & Jeugkampe * Eenheidsband op Kerkraad	* Verandering van gesindheid. * Die Here is ongelooflik goed vir ons gemeente.	* Jongmense * Getuienisaksie funksioneer baie goed - Is betrokke plaaslik asook by wêreldsending.	* Sendingbetrokkenheid * Sukses met Jeug * Geseënde Aanddienste * Samewerking tussen 2 leraars	* Vestiging van selgroepe. * Hulp met vakante poste op kerkraad.
Port Elizabeth- Wes	PE-Sionsrand	Daar het nuwe ontwikkelinge begin, meenthuse en woongebied. Ons poog om by almal uit te kom. Werkloosheid en armoede het toegeneem a.g.v. die finansiële krisis in die land.	Ons uitdaging lê daarin om die gemeente te laar besef dat kwerkwees daar buite lê om getuies te wees. Om nog meet na buite gerig te wees t.o.v. Geestelike en materiële nood. Hier en vër. Om 'n groter omgee aard te ontwikkel met 'n Jesus hart.	Daar is tans 'n groei t.o.v. nuwe lidmate, maar veral nuwe bekeerlinge wat belydenis van geloof afle. Daar is by om by 70% van die huise binne gemeentegrense geklop. By sommige is evangelie gedeel, ander materieël of andersins bygestaan.	As 'n gemeente besef dat hulle tempels van die Heilige Gees is, moet jy God kan raak sien in elke lidmaat. Dit blyk ook dat al hoe meer mense ontvanklik is vir die evangelie. Ons moet net uitreik. God is klaar aan die werk.	Poog om by almal uit te kom. Klem word eerstens gelê op mense wat aan geen kerk en ook nie aan Jesus behoort nie. Daar word ook gepoog om omgeegroepe vir verskillende groepe te vestig.	Ons belevens is maar net dat die Here regtig seën wanneer ons bereid is om uit te beweeg. Na buite gerigtheid.	Kan dalk nog baie leer t.o.v. kategese en jongmense.
Port Elizabeth- Wes	PE-Sonheuwels	Ouer mense trek uit die gemeente en nie NGK lidmate trek weer in. Kleur van gemeenskap verander. Besighede vanuit woonerwe neem toe en dit bring mee dat misdaad ook toeneem.	Gemeente moet meer uitreik na nuwe intrekkers. Daar is 'n groot getal jongmense wat op die straat dwaal en hul kan beslis bedien word. Stel projekte in plek wat na ouermense omsien.	Kerkraad: Baie dankbaar vir 'n geseënde Basaar. 'n Sinvolle byeenkoms was gehou. Die kerkraad was feitlik voltallig. Ds Mouton het met kerkraad gepraat oor hoe om betrokke te wees in die gemeente en by mekaar. Lidmate: Sukkel om gemeente betrokke te kry by veral die eredienste. Daar is die bitter einders wat volhard.	God wil hê ons moet betrokke wees by mekaar. God het die gemeente hier geplaas en ons moet sorg dat almal saamwerk.	'n Bediening aan die jongmense wat saans en oor die naweek so rondwaal. Om evangelisasie werk in ons omgewing te doen. Daar is 'n groot getal onbetrokke mense in die gemeenskap.	Help met EEIII waar ons gevra word.	Toewyding "Volharding" "Commitment"
Port Elizabeth- Wes	Swartkopsrivier	Die gemeenskap en omgewing het dieselfde gebly, mense op grandvlak het mense finansiële net swaarder getrek en onder meer druk gewees! Die ekonomiese toestand van ons land het groot effek op ons gemeenskap gehad.	Een groot uitdaging is om finansiële kop bo water te hou. Die grootste uitdaging vir die gemeente is om geestelik te groei in 'n tyd van groot afvalligheid om ons. Nog 'n groot uitdaging vir die gemeente is om geestelik en fisies by die nood van mense om ons betrokke te raak.	Die jeugbediening en die groei onder ons jeug, geestelik skep energie in ons gemeente, ons gemeente is baie opgewonde daaroor. Ons is ook baie opgewonde oor die geestelike groei in ons gemeente, veral rondom ons eredienste. Ons gemeente beleef baie eenheid en liefde in ons midde en besef dat ons in die tyd moet saamstaan in Christus.	Ons besef dat God nog steeds in beheer is en op die troon sit en dat Hy besig is om met ons 'n pad te stap midde in ons omstandighede en dat ons al ons vertroue op Hom moet plaas om te leef.	Die gemeente het 'n sterk bediening by verskeie skole waar daar 'n voedselnood is. Ons het ook 'n bediening in die arm deel van ons gemeenskap waar daar groot nood verkeer.	Dat 'n gemeente nie moet vasklou aan tradisionele patrone van gemeente wees nie, maar moet verander en vernuwe om die moderne mens te bedien.	Ondersteuning en aanmoediging asook om geestelik te leer by ander gemeentes oor die pad wat die Here daar stap.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Port Elizabeth- Wes	Sydenham (PE)	Sokkerstadion is net langs ons gemeentegrense opgerig. Voortgaande uitbeweeg van lidmate en die inbeweeg van anderliges en ander kerkgenootskappe.	Instandhouding van kerkgebou. Woordverkondiging	Sang tydens eredienste en optredes. Liefde uit leef teenoor elke gemeentelid. Uitdagings Voorreg om met jongmense in die gemeente te werk.	God is steeds besig om Sy kerk in Sydenham lewend te hou, op te bou en ryklik te seën. Seëninge op funksies wat ons hou.	Onbetrokke lidmate, Noodlydendes, Verslaafdes, enkel ouers, gevangenes.	Liefde, omgee en ons sang.	-
Port Elizabeth- Wes	Vanstadensrivier	* Gemeenskap en omgewing in 'n baie groot mate dieselfde/stabiel. * Kaapweg-gedeelte langs Heideveldt-gemeente besig om 'n nywerheids-gebied te raak... * Aantal lidmate...baie stabiel. * Alimentasie neem nie toe nie.	Uitdagings... die Jeug was enkele jare gelede die punt van energie in die gemeente. Tog stel dit besondere en nuwe uitdagings in ons omgewing... en ons is baie hard besig om daaraan te werk. Om meer en meer 'n gemeente vir die gemeenskap te word... en veral om die onbetrokke lidmate te bereik en terug te wen.	* Eredienste - musiekbediening speel 'n belangrike rol om 'n atmosfeer van aanbidding en uitbundigheid te skep en heerlik saamsing. Getuïenisse opbouend en kom sterker na vore. * DvB - baie entoesiasme - werklike betrokkenheid by omgewing en Lakefarm. * Getuïenis - aktief betrokke by sendelinge en skole en omgewing. * Fondsinsamelingsprojekte - lidmate met besondere gawes in die verband... Mannerugby-ontbyt en golfdag baie suksesvol.	Hier buite op die plaas speel die gejaagdheid van die stad nie so 'n intense rol nie... en sien ons God juis raak in die eenvoud van die natuur, in die mooi van die landskap... en die stilte. Die uitdagings in die gemeenskap, die opwindende gawes en kreatiwiteit in die gemeente, en die vreugde van kiononia, maak ons baie opgewonde om deel te wees van God se plan ook met ons gemeente.	* St Albans-gevangenis... Evangelis Ravula, wat grootliks finansiële deur ons gemeente ondersteun word. Is daar werksaam... maar ook bedien hy in Elandsrivier, Kuyga, Rocklands en ander punte in ons gemeente. * St Albans Primêre Skool... word bedien met die Woord, sop en brood en 'n jaarlikse kerspartytjie, tydskrifte en 'n warm trui vir die winter... * Seaview Creché word grootliks gedra deur 'n lidmaat in die gemeente en verdere hulp van die Kommissie vir DVB. * Santa Hospitaal * Ander (minderbevoorregte) Skole * MTR Kinderoord en huis Louisa Meybrug * Lake Farm Nasorg-sentrum. Gemeente baie betrokke. 'n Lidmaat hanteer die Woordbediening, reël uitstappies en verversing en kerkbesoeke. Opwindend.	* Vreugdevolle en gasvrye gemeente * Vreugdevolle en warm eredienste * Entoesiastiese leier * Kreatiwiteit * Fondsinsameling * Entoesiastiese bedienings	* Beter samewerking in die groter verband. * Ring en ander gemeentes en Sinodeverband.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Queenstown	Cathcart	Die volgende gebeure het 'n invloed uitgeoefen op die gemeenskap en gemeente van Cathcart. 1. Die droogte wat die boere geteister het. Die gemeente en gemeenskap steun swaar op die boere. 2. Die afsterwe van bekende lidmate en gemeenskapleiers. 3. Die sluiting en toemaak van besighede speel 'n baie groot rol. Die uitwerking daarvan kon duidelik in die gemeenskap en dorp ervaar en gesien word. Dit het ook 'n uitwerking op die gemeente gehad.	Die aktiewe uitreiking na kerklos en kerkloos lidmate. Die bou van verhoudings met vervreemde lidmate. Die uitreiking en aktivering van onbetrokke lidmate.	Die gemeente voel en staan saam met die afsterwe en heengaan van lidmate. Die gemeente is soos een groot familie. Die gemeente staan en werk saam met enige fondsinsamelingsgeleenthede soos bv die jaarlikse basaar.	Die gemeenskap en die gemeente staan saam, ondersteun en bemoedig mekaar in nood en krisis. Onlangs het al die kerke in die dorp saam 'n gesamentlike biddag vir reën gehou. Die lidmate en die gemeenskap het dit baie goed ondersteun.	Daar is heelwat kerklos en kerkloos persone in die gemeenskap. Daar is 'n aktiewe uitreiking en bou van verhoudings met hulle. Daar is baie ruimte vir barmhartigheidswerk en aktiewe getuieis uitreiking.	Volharding in geloof in moeilike tye en omstandighede.	Begrip, ondersteuning en aktiewe samewerking. Ons het ook 'n behoefte aan groter samewerking en skakeling met gemeentes binne ringsverband.
Queenstown	Queenstown	Die gemeenskap is geraak deur erge droogte. Besighede het van eienaars verwissel en ander het wel gesluit. Aktiewe lidmate het die dorp verlaat na groter sentra ...	Finansies bly altyd 'n uitdaging, lidmate verhuis en word nie vervang, betrokkenheid van lidmate, om "eksklusiwiteit" van plaaslike gemeente by lidmate te verander. Om onbetrokke lidmate te bedien. Om energie in gemeente te behou. Kerkbywoning Om die beginsel van "ruimte vir almal" binne die gemeente ten volle uit te leef. Om oor 'n wye spektrum van bedienings behoeftes te voorsien.	Nuwe bedieninge (18-35; Kleingroepe) mannebediening Gebedsbediening, lering van die Woord, Lofprysing Sprekers van buite. Leiers huiwer nie om kans te waag nie. Mannebediening & aktiwiteite Vrouebediening	God antwoord mense se gebede, getuieis vanuit die gemeente bevestig dat God werk, die selbediening maak mense opgewonde. Mense kom tot bekering, draai terug, veral manne. Projekte wat onderneem word, oop hand van mense. Getuieis wat terug kom ...	Nog nie definitiewe teiken groep geïdentifiseer nie, maar wel by verskillende groepe betrokke soos werkende jongmense en landelike skole. Omliggende gemeentes. Noodlydendes binne gemeente.	Lofprysing is 'n sterk bediening in die gemeente. Werksinkels word aangebied op aanvraag en uitreike word gedoen om gemeentes bloot te stel aan lofprysing duer vernuwend te dink en te aanbid sonder om werklik aan beginsels prys te gee. Soeke na die waarheid.	Ekumeniese werksaamhede. Kerkeenheid.
Queenstown	Sterkstroom	Hoë persentasie lidmate by wyse verhuis.	Om sinvolle roeping te vind en te oorleef.	Rustigheid en eenvoud van ons betoon.	In die entoesiasme waarmee gehandel word. Manier waarop Hy die gemeente onderhou.	Ons wonder nog daaroor.	Vrye inisiatief met uitvoer van belofte. Onderling vertrou en minimum kontrole.	Leiding met betrekking tot aktuele sake.
Queenstown	Stutterheim	Groot droogte, wat veral die boere swaar tref.	Om die twee koppe van die gemeente verder te verenig. Om meer en sterker Sel/Bybelstudie groepe te vestig.	Basaar was 'n groot samebindingsfaktor vanjaar.	-	-	Kyk na persoon, gee om, nie vashou aan wette nie.	-

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Queenstown	Tarkastad	<ol style="list-style-type: none"> 1. Geen noemenswaardige invloed van jongmense en kundiges. 2. Geen ekonomiese groei en besighede wat sluit. 3. Kwynende boeregemeenskap. 4. Droogte gedurende November 2008. 5. Ouerwordende gemeenskap. 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Die finansiële oorlewing van die gemeente. 2. Onderhouding van geboue en infrastruktuur. 3. Verhoudings bou in die gemeente. 4. Geestelike groei. 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Gemeentesamekoms 2. Fondsinsamelings 3. Kerngroep lidmate is getrou en ywerig. 	1. God onderhou die gemeente met 'n leraar asook die natuur.	<ol style="list-style-type: none"> 1. V.G.K. 2. Skole in die omgewing 3. Kinders in nood 4. Bejaardes 	-	<ol style="list-style-type: none"> 1. Geestelike en broederlike ondersteuning van die leraar. 2. Leiding met uitdagings wat in die gemeente ervaar word.
Sondagsrivier	Bothasrus	Die gemeenskap en omgewing het redelik konstant gebly. Die ekonomiese agteruitgang is merkbaar onder lidmate.	Verskil te maak by gebroke gesinne.	Die selgroepe, bidure, eredienste sowel as die koinonia wat daar bestaan.	In die geestelike groei van die lidmate en hulle omgee vir mekaar.	Noodlydendes en die sendingveld. Daar word baie uitgereik na die bejaardes in die tuishuise van die gemeenskap. Vigskinders en Biblia.	Onderlinge liefde en bereidwilligheid om andere te dien.	-
Sondagsrivier	Despatch-Dagbreek							
Sondagsrivier	Despatch-Eendrag	Die ekonomiese resessie het 'n merkbare negatiewe effek op ons gemeenskap. Klein besighede, aanverwant aan die motorbedryf, het op grootskaal toegemaak en / of werkers afgedank. Selfs die groot motornywerhede het werkers afgelê, of verminderde ure laat werk met noodwendig dus verminderde salarisse. Die grootste gevolg hiervan was die klimaat, van negatiewe en swartgalligheid en 'n gevoel van uitsigloosheid by vele mense. Lus vir die lewe en om uitdagings te hanteer het by vele mense eenvoudig verdwyn.	Die groot uitdaging was en is om 'n atmosfeer van hoop te skep en om mense so ver te kry om verby die onmiddellike te kyk. 'n Verdere uitdaging is om op praktiese maniere sorg te dra vir mense in nood en om behoeftes, fisies sowel as emosioneel, aan te spreek en te bevredig.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Die erediens as gesig van die gemeente, wat as 'n oase van hoop en motivering dien. 2. Die praktiese projekte vanaf die kinderkrans tot by die volwassenes se Uitreikbedienings om lewensnoodsaaklike middele aan behoeftiges te voorsien. 3. Die totstandkoming van 'n voedselvoorsieningsprojek d.m.v. groentetonnels wat uiteindelik ook sal werk verskaf. 4. Die uitdra van die evangelie van hoop, plaaslik, maar ook tot in daardie gebiede waar die evangelie maar min gehoor word. 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Dit moet God wees wat deur Sy Gees mense dring om Sondae eredienste by te woon, terwyl die wêreld op dieselfde tyd soveel ander afleiding bied. 2. Dit moet God wees wat lidmate aanspoor tot betrokkenheid te midde van eie besige programme. 3. Dit moet God wees wat mense spontaan na mekaar laat uitreik en mekaar versorg in tye van nood. 	Ons gemeente is voortdurend besig om te vra na die rol en verantwoordelikheid wat God wil hê ons moet nakom om 'n impak vir die koninkryk op ons gemeenskap en selfs wyer as ons gemeenskap te maak. Daar is nie een bediening wat nie in een of ander vorm besig is met uitreikwerk buite ons eie gemeentegrense nie.	Ons gemeente probeer om op vele tereine binne ons ring leiding te neem en besef dat sekere dinge net beter werk wanneer meer gemeentes daaraan meedoën. Die impak op die omgewing is dan groter.	Ons glo dat die besef van 'n kerkfamilie beter gevestig moet word en dat ringe en sinodes veel meer aandag aan hierdie aspek van kerkwees moet gee.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Sondagsrivier	Despatch-Noord	Dorp het ontwikkel deur middel van veral meenthuse, sakehuse en ander huise (hele nuwe straat, huis- en woonsteluitbreidings).	<p>* Om aan die hand van 'n metafoor te funksioneer.</p> <p>* Om 'n nog duideliker visie en missie te leef.</p> <p>* Om meer kleingroepe, veral omgeegroep te vorm.</p> <p>* Om meer harmonie en samewerking te he.</p> <p>* Dat meer hulle gawes en talente ontdek, ontwikkel en aanwend tot God se eer.</p> <p>* Om nog meer afgedwaaldes te bereik.</p> <p>* Eredienste nog meer sinvol te hou.</p> <p>* Aanddienste op ander maniere in te rig</p> <p>soos tans leerdienste, gesprekdienste, kursusse.</p> <p>* Kategese, jeug en evangelisasiewerk kan verbeter.</p>	<p>Meer geestelike werkers besoek lidmate, bid vir hulle, gee boodskappe en is betrokke by "heling" in die gemeente.</p> <p>Omgeegroep en sy lidmate loop tans voor in betrokkenheid, ook wat offervaardigheid betref.</p> <p>Verkleinde kerkraad funksioneer goed. Daar is 'n groot betrokkenheid by eredienste, veral in die inkleding van eredienste.</p> <p>Gebedsgeleentheid raak meer. Kerkkantoor en finansiële beplanning en uitvoering daarvan werk goed. Bejaardegroep (Sonneblomme) funksioneer goed en het baie dinamiese leiers.</p> <p>Hulle reik werklik oor grense uit en is 'n diensarm van die gemeente, gemeenskap en na buite. Het verskillende projekte waarvoor hulle handgemaakte items soos byvoorbeeld besokkies, serpe, musse en derglike artikel uitdeel (Seemansorganisasie); dan ook liefdadigheidsprojekte soos geskenkpakkies aan bejaardes in ouetehuse, hospitale en kinderskole tydens Kersfees en verjaarsdae.</p> <p>Tweedehandse artikels, klerasie en sagtespeelgoed-projek vanuit kerkkantoor wat dit na CMR, Transkei, Canzibe en maxesibeni VGK versprei of soos waar daar behoeftes ontstaan. Kategeseskool en personeel se</p>	<p>God skep en gee ons al hoe meer geleentheid en as ons gehoorsaam is, sien ons die seën en veral "heling" in en buite gemeente. Vergaderings en byeenkomste word wat dit moet wees in terme van sy/haar geestelike dimense - God se Gees werk. Geestelike groei en verryking open "geestelike oë en insig" vir my naaste (vir sy/haar situasie in nood), waar ek met empatie, simpatie en meegevoel 'n helpende hand kan uitreik. 'n Oor wees wat luister, 'n skouer om op te leun in slegte sowel as goeie tye. Dat ons die vrymoedigheid het om op geestelike vlak met mekaar kan deel wat God vir my doen en wat Hy vir my beteken en die besef dat ons niks kan doen sonder Hom nie. Dat alles wat sonder God beplan word gedoen is tot mislukking. Die besef dat ons in geloof en vertroue vir God moet toelaat om op Sy tyd, Sy werk self te doen en dat Hy nooit te laat is nie, maar altyd "betyds" is omdat ons moet leer om te vertrou om die toets te slaag.</p>	<p>Jongmense word in kategese bereik deur 'n groep redelik bekwame kategete.</p> <p>Vrydagaande word die jeug interkerklik bereik.</p> <p>Noodlydendes word veral deur ons geestelike werker bereik oor ons grense.</p> <p>Ouer mense (bejaardes) word veral deur groepsbyeenkomste bereik.</p> <p>Individue reik uit na mekaar.</p> <p>Omgeegroep vir siekes doen hospitaalbesoeke of tuisbesoeke met voorbedding en gebeds- en sms-ondersteuning aan mekaar van familieledes, kerkgroepe en werk interkerklik. Ons beleef groot seën en baie positiewe terugvoering van familie en naasbestaendes vir liefde, omgee en ondersteuning ontvang in tye toe hulle dit die heel nodigste gehad het.</p> <p>Die gevangenes word besoek. SAP selle word Sondae besoek.</p> <p>Kinderhuis word besoek.</p> <p>Die Seemansorganisasie word besoek met ruimskootse skenkings.</p> <p>Die Sonneblommegroep vir bejaardes bied teedrinkgeleentheid en uitnodigings na ons kerkdienste aan vir bejaardes van die dorp. Hulle word privaat vervoer. In die groep is daar 2 persone wat in rolstoel vervoer word.</p>	<p>Al meer lidmate word deur God self en deur mekaar en deur middel van groepsbyeenkomste bemagtig. Leraar "laat toe" en "bemagtig" lidmate om op 'n "vryer en oper" manier die Here, sy kerk en koninkryk te dien.</p> <p>As lidmate hul gawes en identiteit in Christus ontdek het, raak hulle positief betrokke tot die opbou en uitbou van die Koninkryk en is dan diensbaar en 'n aanwinst vir die gemeente/gemeenskap wat weer positiewe groei tot gevolg het.</p>	<p>Om meer deel te wees en betrokke te raak by die kerk se sending en evangelisasie (getuienisaksie), asook diens van barmhartigheid, ook die CMR in die breë verband, soos bv die vertoon van die Jesusfilm, sopkombuise en bediening aan die weerloses en noodlydendes.</p> <p>{Die suksesvolle funksionering in die kerkkantoor wat die hartklop van die gemeente behoort te wees waar administrasie, finansies, geestelike werk en duisende ander take in sy dinamika beter aangewend kan word. Toerustinggeleentheid, kursusse en inligtingsessies sal baie waardeer word vir die kerkamptenary om hom/haar beter toe te rus en te motiveer vir die wonderlike werk wat hulle/hy/sy doen. Die algemene gevoel is dat die kerkkantoorpersoneel soms 'n bietjie "vergeet" word en dat ons agterbly waar dit kom by tegnologie en vernuwing. Dit is die kerkraad se taak om uitvoering daaraan te gee, maar hulle is nie altyd op hoogte van kerksake nie. - Saakgelastigde}</p>

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?	
Sondagsrivier	Despatch-Noord			benadering t.o.v. Kategese ouerdae per kwartaal; besoeke aan ouers waar kinders alleen kerk toe kom of glad nie opdaag vir klasse nie; dadelike opvolg van probleemgevalle en die alternatiewe benadering van die jeug. Gemeentesang en voorsand waar verskillende groepe optree en die brymoedigheid het om eredienste aan te bied in die vorm van getuïensisse en sang. Die aanwending en inkleding van eredienste in die vorm van tegnologie en media. Die sms-ondersteuning, bemoediging en omgee onderling vir mekaar.					
Sondagsrivier	Despatch-Suid	Onder huidige omstandighede is dit vir my onmoontlik om die vorm verder te voltooi. Jammer. CM Klopper							
Sondagsrivier	Retief (Despatch)	Beleef droogte. Ekonomiese krisis - Mense wat werk verloor. Daar is geografiese uitbreiding in die gemeente.	Finansiële krisis - om dit te bowe te kom. Lidmate op te bou - emosioneel en finansiël. Geestelike uitdagings - betrokkenheid in gemeente, daar moet meer liefde wees. Dat selgroepe weer nuwe energie sal kry.	Passie oor Helpende Hande - Mense wat wil uitreik - Mense se harte en hande is oop. Retief Burgerfees - harte klop nog vir die jeug. Meer vrymoedigheid om oor godsdiens te praat.	Wanneer mens dikwels nie hoop het nie, kom die verrassing dat die gesindhede tog baie eg is. Eg menslikheid, opregtheid, goedheid en liefde.	Kliniekbediening - Kinders in swart (swak) buurte. Noodlydendes Jongmense - Gemeente het 'n hart vir jongmense.	Die omgee, eerlikheid en menslikheid.	Toerusting - Daar is voorstelle dat ons dr Jan Viljoen nooi vir 'n lekker kuiergeleentheid waar mense meer kan leer van die kerkbeleid, ens.	
Sondagsrivier	Sondagsrivier (Kirkwood)	Droogte Verskuiwings	Perfekte Storm Drank Skool Dwelms	Geestelike oplewing Noodlydende Gemeentes	God voorsien reën in grootste droogte. Politieke toestand (Cope) Geestelike oplewing	Hankey Koshuis Kleurlinge Buurgemeente VGK Noodlydendes Noodlydende Gemeentes	-	Padberaad by ons kom hou.	

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Sondagsrivier	Sondagsrivier-Suid	Demografies is dit redelik stabiel. Tog bemerk ons 'n invloed van jongmense in die gemeenskap, aangesien hier weer meer werksgeleenthede begin oopgaan. Dit beteken egter nie noodwendig dat die jongmense by die gemeente aansluit nie. Die plaaslike Laerskool het toenemend anderskleurige kinders bygekry en die profiel het dus aansienlik verander. Die afgelope droogte het 'n groot impak gehad en met nuwe ywer is gebedsgeleenthede in die omgewing bygewoon. Ekonomies was daar 'n fenomenale inspuiting die afgelope jaar met rekord oeste en uitbetalings. Ons gemeente het egter baie min grondeienaar boere wat direk daarby sou baat en die meeste is net betrokke by die industrie.	Om 'n geestelike gesonde gemeente te wees waarby almal betrokke is. Om lidmate wat wegsyfer deur kerkklos te raak of na ander gemeentes te gaan, nuut en vars te bereik, bly 'n prioriteit uitdaging. Dit bly ons groot begeerte om God te aanbid en ons is bekommerd oor die afwesigheid daarvan of die afname daarin by sommige. Die uitdaging is om deel te word van 'n vernuwingsproses waarin ou wette en reëls herdink word, en gefokus word op die nuwe goed om dit heel te maak. Fokus dus op die dinge wat die jeug gaan terugbring na die kerk, en dit sal weer potensiale groei meebring. In die proses gaan dit nie oor nuwe dinge as sulks nie, maar ons wil kyk na wat is als beskikbaar om mense weer opgewonde te maak oor kerkwees. Dit behels 'n lewenswyse en is nie net 'n instelling nie. Naas randkerklikes, stel ander bevolkingsgroepe wat saam met ons in die vallei werk, ook uitdaginge aan ons.	Waaroor is lidmate en leiers passievol? Dit kon nie gesamentlik eenstemmig beantwoord word nie. Maar daar is instemming dat almal weet die ideale antwoord moet wees om Christus Koning te maak in die gemeente. Sommige voel ons is nie entoesiasties genoeg om energie te skep nie en reken daar is nie nou iets wat energie skep nie. Ander voel Woordverkondiging en die bespeuring van verandering van harte en 'n ontwakende honger na God, bring wel nuwe energie. In die skool by Kirkwood is daar definitief iets aan die gang op geestelike vlak, rapporteer een. Die besef dat niks anders gaan help nie, is besig om daar 'n ontwaking onder baie te bring. Ons moet dit ons werk maak om meer tussen mense te kom, nie so seer met huisbesoeke nie, maar meer om net kontak te maak en 'n klimaat van betrokkenheid by mekaar te skep in die gemeente. Daar is by sommige onsekerheid of daar nou energie is wat ons passievol maak, maar inisiatiewe soos die KasKR beplanning, skep goeie saamwees en saamwerk geleenthede daartoe.	By die skool kan sommige raaksien: mense raak behoefte aan God. Pinkster is vanjaar meer konstant deurgans bygewoon as vorige jare. Die verbetering in opkoms was t.s.v. die feit dat daar nie soos laas jaar uitnodigings per pos uitgestuur was nie. Daar is 'n innerlike behoefte te bespeur by mense wat 'n dieper erns met die dinge van God maak. Die informeler en spontaner deelnemende gespreksvoering met Pinkster se aanbieding in die kerksaal rondom tafels, was ook positief anders tussen die mense, as met 'n tradisionele boodskap vanaf die kansel. Zimbabwe is op ons voorstoep, met heelwat buitelanders onder ons werksmag. Die Here wys ons ook in die werksituasie, daar is 'n honger en onkunde onder gemeenskappe tussen ons, wat by ons werk. Ons het 'n geleentheid van beïnvloeding. Ook word gevoel dat in die besinning na hoe moet ons uitreik na ander groepe en gemeenskappe, ons moet nooit die prioriteit van ons eie mense 2de stel nie. Hul het 'n behoefte aan die kerkraad en leraar se kontak, asook aan kerkbedrywighede. Dit moet nr 1 wees vir ons en ons moenie ons klem verskuif na sake van 2de rangse, prioriteit, bv. Thembalethu Trust nie.	Een ouderling is besig met gevangenisbediening en ander met daaglikse of weeklikse Dagwydings saam met hul werkers, voordat hulle met die dagtake begin. Die Here plaas jou soms daar in jou onmiddellike omgewing waar jy 'n verskil kan maak. Via die Kampterrein te Zuurberg gaan daar ook nuwe geleenthede oop vir geestelike uitreik na ander gemeenskappe wat by ons aanklop. Nog 'n opinie is dat sodra aanbid, hoef ons nie te fokus op mense wat by ons was en weg is na ander gemeentes nie. Ons moet volhou met pogings om lidmate by mekaar betrokke te kry, ook via gemeente etes. En ons moet so optree dat besoekers welkom sal voel. Dis 'n uitbreiding om ons gemeente mense-vriendelik te maak.	Hier is volharding by baie. Ons is een van die kleinste gemeentes wat nog steeds voortbestaan t.m.v. ons finansiële oorlewingsstryd. Selfs in die moeilike tyd het die Here dit vir ons moontlik gemaak om die kampterrein by die Sinode oor te koop, sodat die werk van Koninkryksbediening daar kan voortgaan. Ons kan getuig dat die Here getrou voorsien. Kirkwood gemeente het ons hoop ook aangespoor deur ons ruim te staan in die aanstelling van 'n nuwe Bemarker en program-aanbieder te AZMR in die persoon van Hessie Badenhorst, 'n jeugwerker van Somerset Oos. Nou open die Here deure in die Onderwysdepartement dat sy 1500 sportafrigters in die Ubabalo (deel van TUG) lewensafrigters toerusting kan oplei te Zuurberg met die oog op 2010.	Dit kan help om te weet wat doen ander gemeentes wat maak dat lidmate by hulle gaan aansluit en daar vrede vind en dat die gemeente groei. Ring kanselruilings ook meer in werking gestel word. Ons vra ook steeds die Kerkverband se betrokkenheid en ondersteuning by die Jeugkampterrein waar ons o.a. die Skoolverlaters- en gemeentekampe aanbied.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Uitenhage	Sondagsriviermond	Dit is 'n gemeenskap met 'n aantal permanente inwoners maar bestaan ook uit 'n groot deel vakansie-huise wat naweke en gedurende vakansies bewoon word. Daar is ook 'n klein groepie boere in die distrik. Die afgelope jaar het daar niks dramaties gebeur in die grootste gedeelte van die gemeente nie, behalwe 'n paar plase wat kwaai deurgeloopt het onder die droogte.	Baie kan en moet nog gedoen word t.o.v. die opbou van die gemeente voordat ons kom by die ideaal van Efesiërs 4. Dan sal ons sy kerk, soos 'n volgroeiende mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus. Toerusting moet geskied veral t.o.v. die kerkraad sodat die lidmate geskool kan word. Wanneer lidmate se houding met die Here Jesus Christus inniger word sal daar uitgereik kan word na hulle wat nog buite is want die oes bly groot maar die arbeiders min.	Daar is 'n pragtige samehorigheidsgevoel in die gemeente en 'n gesindheid van onderlinge liefde is duidelik te bespeur. Ons meen dat daar 'n ernstige soeke is na die wil van die Here. Deur volhardende leiding van die leierskorps behoort hierdie gemeente pragtig te groei en te ontwikkel.	Die getuienis is dat die erediens beleef word as 'n ontmoeting met die lewende God. God openbaar Homself aan ons deur Sy woord. Ons sien Sy hand in die groei van die gemeente se byeenkomste. Veral by die susters word God se seenende hand gesien. Verder kan ons God sien werk as mense-lewens aangeraak word t.o.v. hulle liggame en die terugkeer van afgedwaaldes. God is werklik in ons midde.	Dit is nie 'n groot gemeenskap wat bedien word nie met die gevolg van besondere bearbeidingsgroepe nie. Kinders is byvoorbeeld elders op skool. Daar is egter 'n aantal mense van verskillende kerkgenootskappe (insluitende ons eie) wat van die kerk verveemd geraak het en dit is ons gevoel dat hierdie groep geteiken kan word vir besondere aandag.	As 'n klein en jong gemeente het ons seker nodig om van die kerkverband te leer en tog kan hulle kennis neem van ons "Jeugdige" entoesiasme en liefde vir die Here Jesus en Sy kerk.	Die res van die kerkverband moet nie vergeet en ophou om vir Sondagsriviermond te bid nie.
Uitenhage	Uitenhage	Droogte Uitvloeï van besighede	Om bejaarde lidmate betrokke en meelewend te kry weens die hoë ouderdom van ons gemeentelede. Om alle lidmate te kry om hul bydraes te gee.	Prediking Selgroepe Lofprysing	Genesings wat plaasvind. Lewens wat verander. Gebeurtenisse wat plaasvind in mense se lewens.	Na alle mense maar spesifiek na die Moslemgemeenskap.	Nederigheid en afhanklikheid van God.	Benodig voorbeding vir kleinwordende gemeente.
Uitenhage	Uitenhage-De Mist	-	Die groot aantal werkloos.	Die nood van mense.	-	-	-	-
Uitenhage	Uitenhage-Noord	Ons is 'n nywerheidsdorp. Heelwat opleidingsinstansies binne gemeentegrense. Armoede in die gemeenskappe. Geestelike nood in die gemeenskappe. Die verskillende kultuurgroepe bly fisies naby aan mekaar, maar leef steeds gesegregeerd. Dieselfde behoeftes bestaan in al die gemeenskappe.	Om die segregasie in die eerste plek tussen gelowiges van die verskillende gemeenskappe te oorkom asook die segregasie tussen gemeenskappe in den breek. Om verhoudings tussen kerkleiers te bou en versterk twv samewerking. Om die beskikbare hulpbronne by die armoede uit te bring. Armoede in al sy fasette is 'n groot uitdaging. Om leerkragte en leerders volgens hul behoefte te ondersteun. Om wantroue tussen gemeenskappe te oorbrug deur vertroue te bou.	Daar is baie skole in al die gemeenskappe, elk met personeel en leerders vol energie. Lidmate wat reeds hul gestuurde roeping ontdek het. Goeie gesindheid van mense in alle gemeenskappe. Interkerklike "Fraternals" en bedieninge wat reeds goed funksioneer. Leiers wat visionêr dink en leiding gee.	Die verkondiging van God's Woord in verskillende kerkgeboue. Die teenwoordigheid van gemeentes in al die gemeenskappe. God is orals in die wêreld teenwoordig deur die Kerk (Sy liggaam). Die groei in heiligmaking waar gelowiges in proses van dissipelskap in kleingroepverband volg. Reeds verskeie bedieninge aktief besig om die nood aan te spreek. Gelowiges vra al hoe meer na hul eie gestuurde roeping. Verskillende denominasies (leiers en lidmate) wat al hoe meer hande vat om die nood aan te spreek. Daar is ook 'n groter wordende eenheidsgevoel onder gelowiges van verskillende denominasies (ons is een familie van God).	Ons kan ook vra: "Wie stuur God na ons toe?" Die armes. Die jeug. Ander denominasies. Deur geloofsonderskeiding is ons gemeente besig om God se aangesig te soek tov ons gestuurdheid.	Dat ons in die eerste plekke maak om die Here se aangesig te soek in alles en dan Sy leiding te volg. Dat dit 'n voortgaande proses van geloofsonderskeiding is.	Ons gemeente begeer om te hoor wat die Here vir ander gemeentes, ringe en sinodes sê om te verstaan waar ons inplan in God se plan en moontlik bevestiging te ontvang dat ons met die regte goed besig is.

Ring	Gemeente	Wat gebeur in Gemeenskap?	Uitdagings vir die Gemeente?	Wat skep energie?	Hoe sien julle God raak?	Na wie stuur God julle?	Ander by julle leer?	Wat moet julle leer?
Uitenhage	Uitenhage-Oos	Droogte. Resessie wat werkloosheid meebring asook verminderde inkomste. Demografiese diversiteit van woonbuurtes neem toe.	Om die 80% nie-aktiewe lidmate te bereik. Om oor kultuur en kleurgrense vriende te maak.	Mense wat mekaar versorg. Mense wat betrokke raak by die gemeente. Ontmoetings met God in eredienste.	Om nie ons oë op die wêreld te hou nie, maar op Jesus te vestig. God is sigbaar in die oë van die kerksoeker op die straathoek sowel as die oë van die bejaarde tannie in die erediens.	Kinders - Sopkombuis. Nood van mense in Motherwell. Na die kerklos en kerkloses tussen ons in die woonbuurte, op die markplein. Mense in nood in ons eie gemeente.	Goed georganiseerde Noodspens met 'n groot impak op armoedeverligting.	-
Uitenhage	Uitenhage-Winterhoek	Die droogte het die persone op plase en plote swaar getref vanjaar. Die omgewing rondom ons, het wat inwoners betref, redelik konstant gebly. Die enigste verandering wat ons sou kon noem is dat die lidmate wat hier woonagtig is se gemiddelde ouderdom toeneem. 'n Hoë getal lidmate is dus op pensioen of sterk oppad daarheen.	Om balans te vind in die inrigting van die eredienste in 'n gemeente waarvan die lidmate se gemiddelde ouderdom al hoër begin word en die kindergetalle elke jaar minder word.	Dissipelskap; Selgroepe; Biduurgroep; Klub vir Senior lidmate; Sopkombuis; Betrokkenheid by Huis Betanië by Oosterland Jeugsentrum.	God is besig om al meer die lidmate te laat besef dat hulle 'n verskil moet maak en dat die Here hulle wil gebruik om die liefde te leef. Lidmate inisieer en raak spontaan by aksies betrokke.	Daar is 'n selgroep wat betrokke is by uitreik na die kinders by Bergsigskool se koshuise. Daar is ook 'n groot groep lidmate betrokke by uitreike na kinders by Huis Betanië (Jeugsentrum op Despatch). Daar is ook 'n groep betrokke by die Sopkombuisprojek te Kwanobuhle. 'n Ander groep reik uit na pasiënte wat in die Provinsiale Hospitaal is (EE-3). Van die Kerkraadslede dien in die bestuur van die C.M.R. en Kerkraad kry gereeld terugvoering.	Klem op die liefde wat daadwerklik geleef word.	Toerusting vir leraar.